

# 'n Kritiese betragting van die kieswetgewing ten opsigte van gelyke kanse vir politieke partye

Loammi Wolf

---

Loammi Wolf, Navorsingsadviseur, Sentrum vir Openbare Bestuur, Universiteit van Johannesburg

---

## *Opsomming*

Hierdie artikel fokus op drie aspekte van die kieswetgewing wat die reg op gelyke behandeling en geleentheid van politieke partye en die beginsel van vrye en regverdigde verkiesings beïnvloed. Die eerste deel van die artikel kyk na sowel die registrasie van partye om aan verkiesings deel te neem, as herregistrasie- en deregistrasievoorskrifte. In dié konteks is 'n ontleding van die statutêre definisie van die begrip *politieke party* van besondere belang, daar dit die kern van demokratiese wedywing om kiesersteun raak. Die huidige definisie is nie versoenbaar met 'n meerparty-kiesstelsel in 'n parlementêre demokrasie nie, omdat dit aspekte van 'n blokstelsel kondoneer. Tweedens word die voorgeskrewe depositovereiste ontleed. Daar word getoets of ander maatreëls nie meer geskik is om die statutêre doelwit, naamlik die beperking van 'n ooraanbod van partye wat nie 'n werklike kans het om beduidende kiesersteun te wen nie, te bereik nie. Die depositovereiste word hoofsaaklik in state met meerderheidkiesstelsels benut, terwyl state met proporsionele kiesstelsels eerder 'n verkiesingsdrempel of ander metodes benut om die aantal partye tot 'n oorsigtelike demokratiese keuse te beperk. Laastens word gekyk na die statutêre regulering van besware oor ongerymdhede tydens 'n verkiesing. Tans is die termyn waarbinne beswaar aangeteken kan word, uiters kort, wat 'n negatiewe uitwerking op die regverdigheid van verkiesings het omdat die sperdatum vir besware reeds afloop terwyl stemme nog getel word.

**Trefwoorde:** afbakening van diskresionêre bevoegdhede; blokstelsel; deregistrasie; gelykheidsbeginsel; herregistrasie; onafhanklike verkiesingskommissie; registrasie; verkiesingsdeposito's; verkiesingsongerymdhede; verteenwoordigingsdrempel

## *Abstract*

### **Equal chances of political parties**

This article focuses on three aspects that affect equal chances for political parties to garner voter support in free and fair elections.

The first aspect concerns the registration, reregistration and deregistration of political parties. The statutory definition of *political party* is of cardinal importance because it is central to democratic competition in a parliamentary democracy. In general it is accepted that a political party is based on voluntary association of persons with the same political goals.

In South Africa most political parties are likely to be constituted as a *universitas personarum*, what can loosely be called a voluntary corporation as opposed to voluntary association. As distinct from voluntary associations, voluntary corporations have legal personality separate from their members and accordingly the capacity to acquire rights and incur obligations separate from their members, as well as the capacity to sue or be sued in their own names. They have perpetual succession in that they continue to exist regardless of changes in their membership. This common law classification, however, does not distinguish political parties from other political organisations such as non-governmental organisations.

The Electoral Act 73 of 1998 does not define a political party but merely refers to registered political parties. The Electoral Commission Act 51 of 1996, however, offers the following definition of a political party: "'party' means any registered party, and includes any organisation or movement of a political nature which publicly supports or opposes the policy, candidates or cause of any registered party, or which propagates non-participation in any election". Apart from the fact that the definition disregards the legal personality of political parties as entities in their own right, it impedes on fair competition insofar as it legitimates the pooling of candidates of some political parties on a single electoral list under the banner of the dominant partner of a permanent electoral coalition. This practice invariably leads to an over- or under-representation of the one or other party in parliament and hampers the forming of coalition governments according to the proportional strength of the various coalition partners. The constitutionality of the definition of a political party has not yet been challenged in South Africa. The German constitutional court had to consider a case in point many years ago and ruled that the practice of parties of an electoral coalition where the candidates of different parties are pooled on a single party list was unconstitutional and not in conformity with the norm of fair competition to garner voter support.

The requirement that new or unrepresented parties should reregister annually also infringes on the right to equal treatment of political parties. It would be more appropriate to determine that unless a registered party has participated in any election during a period that is a little longer than a legislative term, its registration would lapse. In practice there is little clarity on how South Africa's Independent Electoral Commission (IEC) invokes its powers in regard to the reregistration and deregistration of political parties. It appears that some political parties enjoy preferential treatment. The SACP, for example, has not participated in any election since 1994 and does not intend to do so in future either. Yet the party is not deregistered.

The second aspect of the current electoral law that impinges on the right to equal treatment of political parties is the deposit requirement for participation in elections. Incumbent political parties qualify for state funding and can use that to finance their political campaigns. This gives them an unfair advantage over new or unrepresented political parties. The deposit requirement dates back to the British colonial era. It was first introduced in 1918: the purpose of the then astronomical £150 deposit (£6 600 today) to stand as candidate was ostensibly to sort out "frivolous" candidates, but in fact unfairly benefitted wealthy candidates and bigger political parties. Such deposits, which are prescribed mainly in the UK and its former colonies, are controversial and not in line with the principle of universal adult suffrage which

has been adopted in most countries. In *UDM v Governor-General* [1991] LRC (Const), the Mauritian supreme court took the lead and ruled that the election deposit requirement may be regarded as a property qualification and that it is unconstitutional.

In South Africa the newly founded Economic Freedom Fighters (EFF) challenged the deposit requirement in the run-up to the 2014 general elections but lost the case, mainly because the interdict was not regarded as urgent (*Economic Freedom Fighters v The President* [2014] ZAGPPHC 109). The court, however, also took the stance that the deposit requirement was a generally accepted method of sorting out candidates and parties that are "not serious" about participating in elections. In fact, most countries with proportional electoral systems do not require electoral deposits for candidates or political parties but use other mechanisms in electoral design to reduce an oversupply of political parties. The most typical measure to avoid an atomised political party system and to secure a stable democracy with vibrant party competition is a threshold for representation of political parties in parliament. Other possibilities are to require a substantial number of voter signatures in support of a new political party or to increase the registration hurdle for political parties. Any combination of these mechanisms can be used instead of the outdated election deposits.

The third aspect in need of attention is fair election procedures for voting and the counting of votes. In general the statutory procedures meet the requirements for fair elections, but the deadline to raise objections about irregularities in the voting procedures or in regard to the correctness of the number of votes counted for a specific party is far too close to the election date. Section 55(2) of the Electoral Act determines that all objections must be submitted in the prescribed form by 21:00 on the second day after the election date. In the general elections of 2014 the deadline expired even before all the votes had been counted and a number of parties discovered irregularities in regard to the counted ballots only after the deadline had already passed. Since the ballots must be stored safely for six months after the elections, there is no reason why objections should not be possible for a longer period. At the very least it should be possible to raise objections as long as the votes are still being counted.

There were other irregularities as well during the election which were recorded in detail by the Community Agency for Social Enquiry (CASE). It appears that the IEC had not sufficiently protected voters against intimidation and had not countered false information, for example that persons who receive social security grants would lose their grants if they did not vote for the ruling party.

**Keywords:** bloc system; deregistration of political parties; election deposit requirement; Electoral Act; Electoral Commission Act; free and fair elections; majoritarian electoral system; objections to election irregularities; political party; proportional electoral system; registration of political parties; reregistration of political parties

## 1. Inleiding

Die fokus van hierdie artikel is op drie aspekte wat die reg op gelyke kanse vir partye om mee te ding om kiesersteun en die beginsel van vrye en regverdige verkiesings beïnvloed. Die eerste deel van die artikel kyk na die registrasie, herregistrasie en deregistrasie van partye. 'n Ontleding van die statutêre definisie van die begrip *politieke party* is van besondere belang,

daar dit die kern raak van demokratiese wedywering om kiesersteun. Tweedens word die voorgeskrewe depositovereiste ontleed. Daar word getoets of ander maatreëls nie meer geskik is om die statutêre doelwit, naamlik die beperking van 'n ooraanbod van partye wat nie werklik 'n kans het om beduidende kiesersteun te wen nie, te bereik nie. Die verskille in die praktyk tussen meerderheidskiesstelsels en proporsionele kiesstelsels word regsvergelykend belig. Laastens word gekyk na die statutêre regulering van besware oor ongerymdhede tydens 'n verkiesing. Die laaste algemene verkiesing het getoon dat die huidige tydperk van twee dae na die verkiesing uiters kort is om beswaar aan te teken teen ongerymdhede tydens die verkiesing. Dikwels word die stemme nog getel nadat die sperdatum vir besware reeds afgeloop het en dan kan partye nie meer besware indien of op 'n hertelling van stemme aandring nie.

## **2. Die registrasie, herregistrasie en deregistrasie van politieke partye**

Voordat die grondwetlikheid van statutêre bepalings wat die registrasie, herregistrasie en deregistrasie van partye reguleer, getoets kan word, moet eers duidelikheid gekry word oor die status van politieke partye binne 'n parlementêre demokrasie. Die volgende afdeling ontleed dus kortliks die rol van politieke partye en is op soek na 'n bruikbare definisie van die kernaspekte wat 'n politieke party tipeer.

### ***2.1 Die registrasie en rol van politieke partye in verkiesings***

#### ***2.1.1 Die statutêre vereistes vir registrasie***

Al wat die kieswetgewing vir deelname aan verkiesings vereis, is dat die party by die hoofverkiesingsbeampte daarvoor moet registreer. 'n Party moet 'n naam hê, 'n afkorting van die naam, 'n partygrondwet, 'n stigtingsakte wat deur 500 lede onderteken is en 'n logo.<sup>1</sup> Die wetgewing vereis nie meer nie.

#### ***2.1.2 'n Bruikbare definisie van politieke party***

Hoewel die Grondwet na politieke partye verwys, reguleer dit nie die status van politieke partye op noemenswaardige wyse nie.<sup>2</sup> Kate O'Regan, 'n voormalige regter van die konstitusionele hof, het die rol van politieke partye soos volg opgesom: "Political parties, operating at their best, make democratic government possible in large, complex and heterogeneous societies."<sup>3</sup> Sy het verder na die politoloog Schattschneider verwys wat dit só stel: "[M]odern democracy is unthinkable save in terms of political parties ... [P]olitical parties are therefore not merely appendages of modern government: they are at the centre of it and play a determinative and creative role in it."<sup>4</sup> O'Regan dui voorts die drie vlakke aan waarop 'n politieke party ageer, te wete: (i) die interne organisasie van die party; (ii) politieke mobilisasie in die gemeenskap – veral tydens verkiesings – om sy beleid te bemark; en (iii) as akteur wat in die parlement verteenwoordig is wat sy beleid wil implementeer en toesien dat die staatsadministrasie funksioneer.<sup>5</sup>

Politiese partye geniet 'n besondere status omdat hulle die wil van die burgers as kiesers oor hoe hulle regeer wil word, kanaliseer.<sup>6</sup> Partye word meestal tipeer as privaatregtelike organisasies wat op vrye assosiasie berus.<sup>7</sup> Hierdie siening weerspieël die rol wat partye speel

in die eerste en tweede vlak waarna O'Regan verwys. Politieke partye is dus nie publiekregtelike staatsorgane nie en moet onderskei word van die verkose verteenwoordigers van alle partye in die parlement wat gesamentlik as wetgewende staatsorgaan optree (dit is die derde vlak waarna O'Regan verwys). Daar is dus 'n duidelike skeiding tussen staat en party. Die interne organisasie van politieke partye kan vanselfsprekend aan statutêre regulering onderwerp word om te verseker dat partye die beginsels van demokrasie, vrye assosiasie en vryheid van spraak wat in die Grondwet veranker is, respekteer.<sup>8</sup> Hoe 'n politieke party deur die wet definieer word, kan dus deurslaggewend wees om die beginsels waarop 'n parlementêre demokrasie berus, af te dwing.

Dit is opvallend dat die klem in akademiese artikels meestal op die rol van politieke partye val of bloot 'n basiese kategorisering aansny eerder as om 'n klinkklare definisie te soek van wat die kern van 'n politieke party uitmaak. Gevolglik is daar nie duidelikheid oor hoe politieke partye afgebaken kan word van ander vrywillige assosiasies wat ook politieke doelwitte nastreef, soos nieregeringsorganisasies of drukgroepe, maar nie as politieke partye kwalifiseer nie.

So verwys O'Regan byvoorbeeld na politieke partye as "voluntary associations" binne die kategorie *universitas personarum* soos wat dit algemeen in die Anglo-Saksiese wêreld tipeer word – dus eerder 'n vrywillige korporasie as 'n vrywillige vereniging.<sup>9</sup> In teenstelling met vrywillige verenigings beskik vrywillige korporasies oor regspersoonlikheid onafhanklik van hulle lede, kan regte en verpligtinge aanvaar en kan juristies as regspersone optree.<sup>10</sup> Hierdie tipering onderskei politieke partye egter nog nie van ander vrywillige assosiasies wat ook oor regspersoonlikheid beskik nie.

Thornton kom ook nie verder nie as om 'n politieke party te definieer as 'n party wat volgens die Kieswet 73 van 1998 geregistreer is en oor regspersoonlikheid beskik.<sup>11</sup> Thornton skyn ook nie duidelikheid te hê oor wanneer 'n politieke party in privaatregtelike hoedanigheid optree as dit kiesersteun werf nie, en verwar die openbare rol van verkiesings met 'n "public function" of "public power" wat deur 'n staatsorgaan uitgeoefen word.<sup>12</sup> 'n Openbare verkiesingsveldtog verander nie 'n privaatregtelike politieke party in 'n staatsorgaan nie.

Die Kieswet definieer ook nie *politieke party* nie.<sup>13</sup> Die wet verwys bloot na 'n "geregistreerde party" as 'n party wat kragtens artikel 15 van die Verkiesingskommissiewet 51 van 1996 geregistreer is. Laasgenoemde definieer 'n "party" soos volg:<sup>14</sup>

*"party" means any registered party, and includes any organisation or movement of a political nature which publicly supports or opposes the policy, candidates or cause of any registered party, or which propagates non-participation in any election.*

Hierdie definisie kan kwalik as in ooreenstemming met die grondwetlike-demokrasiebeginsel tipeer word. Artikel 1(d) van die Grondwet stippel demokratiese norme vir die kiesstelsel uit: "a multi-party system of democratic government to ensure accountability, responsiveness and openness".<sup>15</sup> Die definisie is ook nie versoenbaar met artikels 3(2), 9, 16, 18, 19 en 190(1)(b) van die Grondwet nie, omdat dit die onderskeid tussen partye onderling en tussen partye en organisasie wat dit ondersteun of teenstaan ophef en potensieel die wedywing van partye vir kiesersteun ondermyn.

Volgens bostaande definisie kan enige politieke organisasie wat die partybeleid van 'n party in die openbaar ondersteun of teëstaan as deel van die party beskou word. Regstegnies kan die opposisieparty dus almal as deel van die regerende party beskou word, omdat hulle die beleid van daardie party teëstaan. As keersy kan opposisieparty die regerende party as deel van hul partye betrag. Dit impliseer voorts dat 'n geregistreerde politieke party (as politieke organisasie) wat nie deelneem aan verkiesings nie, deur 'n ander geregistreerde party as deel van daardie party gekoöpteer kan word sonder om te amalgameer.

Die definisie van 'n *geregistreerde politieke party* soos artikel 1 van die Elektroniese Kommunikasiewet 36 van 2005 (EKW) dit uiteensit, maak dit duidelik dat die wetgewer die definisie in artikel 15 van die Verkiesingskommissiewet uitbrei om selfs "any alliance of such registered parties" te legitimeer.<sup>16</sup> 'n Meerpartykiesstelsel op demokratiese basis kan egter nie só verwerklik word nie, want die essensiële komponent van pluraliteit van politieke mededinging word met die definisie ondergrawe. Elke party moet met sy eie kieserslys om kiesersteun vir sy beleid meeding. Hoewel die definisie in artikel 15 van die Verkiesingskommissiewet nie demokratiese wedywing van partye *per se* uitsluit nie, laat dit dit ongelukkig ruimte om die stelsel te manipuleer deur elemente van die sogenaamde blokstelsel oor die demokratiese koepel te stulp en die parameters van verteenwoordiging te verander. Dit word aansluitend nader belig.

Die definisie impliseer vervolgens ook dat indien vakbonde of werkgewersorganisasies 'n bepaalde party ondersteun of teëstaan, hulle as deel van 'n geregistreerde party beskou kan word. Die definisie is so omvattend dat dit selfs ekologiese, kerklike of ander drukgroepe kan insluit. 'n Verdere punt van kritiek is dus dat die definisie indruis teen die regsbeginnelelelele wat die selfstandigheid van regspersone om aan die regsverkeer deel te neem, normeer.

Dit het ook ernstige gevolge vir die vryheid van spraak om die politiek te beïnvloed, want artikel 56 van die EKW verbied enige politieke of verkiesingswerwing van "partye" buiten in die verkiesingstyd.<sup>17</sup> Drukgroepe mag derhalwe nie politieke advertensies publiseer buiten in verkiesingstye nie en kan kwalik nog die beleid van partye tydens 'n wetgewende termyn probeer beïnvloed omdat hulle as "deel" van 'n geregistreerde party beskou kan word sonder enige duidelikheid oor by watter politieke party hulle tuishoort.

Die definisie kompromitteer verder die reg op vrye assosiasie en die politieke regte van burgers wat lede van politieke partye is. Indien 'n politieke organisasie as politieke party registreer, is die lede van daardie party daarop geregtig om as kandidate vir daardie party te staan en die party te help om verkiesings te veg.<sup>18</sup> Dit is onomwonde deur die konstitusionele hof in *Ramakatsa v Magashule* bevestig:<sup>19</sup>

[S]ection 19(1) proclaims that every citizen of our country is free to make political choices which include the right *to participate in the activities of a political party*. This right is conferred in *unqualified* terms. ... [O]nce a choice on a political party is made, the section safeguards a member's participation in the activities of the party concerned. ... It protects the exercise of the right not only against external interference but also against interference arising from within the party.

'n Ander party of lede van sulke partye kan dus nie lukraak besluit dat hulle deel is van daardie party nie. Dit sou op partykaping neerkom.



Om saam te vat: die gemeenregtelike definisie dat politieke partye privaatregtelike korporasies is wat op vrye assosiasie berus, omskryf nie werklik die essensie van 'n politieke party nie.<sup>20</sup> Die konstitusionele hof tref die kruks beter met die tipering dat politieke partye beskou kan word as “veritable vehicles the Constitution has chosen for facilitating and entrenching democracy”.<sup>21</sup>

Dit kan nogtans sinvol wees om regsvergelikend te kyk hoe 'n politieke party elders definieer word. In die Anglo-Saksiese wêreld word 'n politieke party (soos reeds hier bo aangedui) selde nader omskryf. Meestal word bloot na 'n party verwys as 'n geregistreerde party. In Duitsland definieer wetgewing 'n politieke party meer omvattend. Dit word omskryf as 'n vrye assosiasie van burgers met 'n permanente formele organisasie wat aan verkiesings deelneem met die plegtige doelwit om aan die politieke prosesse van die parlement deel te neem. Die ernstige strewe om aan die politieke prosesse van die parlement deel te neem, moet gestaaf word deur gereelde deelname aan verkiesings. Die formele organisasie van die party word gekenmerk deur 'n grondwet van die party wat sy doelwitte uitstippel, die struktuur van die party-organisasie, interne demokratiese prosedures om partyposte te vul, aan die benoeming van kandidate deel te neem, kongresse te hou en verkiesings te veg.<sup>22</sup> Hierdie definisie gee uitsluitel oor die karakter van die regspersoon, die struktuur van 'n politieke party asook die doelwitte en organisasie daarvan.

### *2.1.3 Die konsep van blokstelsels en onversoenbaarheid daarvan met 'n parlementêre demokrasie*

Een van die kenmerke van 'n demokrasie is die skeiding van party en staat. Die blokstelsels maak nie so 'n onderskeid nie.

#### *(i) Die blokstelsel-konsep*

Die begrippe van 'n "boksstelsel", 'n "blokparty" of "blokalliansie" is redelik onbekend in demokrasieë met meerderheidskiesstelsels en 'n sterk-ontwikkelde tweepartystelsel. Geen party streef daarna om sy kandidate op een lys te kombineer met die opposisie s'n nie omdat dit die kiesstelsel dan 'n eenpartystaat sou skep. Die probleme duik eerder op in meerpartystelsels of stelsels wat hulle as sulks probeer uitgee.

Die sogenaamde blokstelsel kan op die oog af lyk of dit 'n meerpartystelsel is, maar dit is nie die geval nie. Hierdie stelsels word eerder benut om die illusie van 'n plurale stelsel te skep om sodoende die stigma van 'n eenpartystaat te vermy. Dit is 'n niekompeterende kiesstelsel wat veral in die eertydse Oosblokstate benut is.<sup>23</sup> Die destydse Sowjetunie het tydens die Koue Oorlog binne 'n paar jaar die blokstelsels wat daarop gemik was om vrye verkiesings en 'n demokratiese opposisie te onderdruk in alle satellietstate ingevoer. Die proses het begin in Oos-Duitsland, wat na die Tweede Wêreldoorlog onder die beheer van die Sowjetunie geplaas is. In 1946 het die Sowjets die Sosiaal-Demokratiese Party (SPD) gedwing om met die Kommunistiese Party saam te smelt en die Sosialistiese Eenheidsparty (SED) te vorm. Politieke partye wat deur die regime verdra is, is gekoöpteer as blokpartye in 'n permanent-regerende koalisie.<sup>24</sup> Dieselfde sisteem is ook in 1948 in Tsjeggo-Slowakye en Pole, en in 1949 in Hongarye ingevoer.<sup>25</sup>

'n Blokparty kan dus beskryf word as 'n konstituerende lid van 'n verkiesingsblok of blokalliansie. Die blokparty funksioneer as hulppartye van 'n permanente regerende koalisie

en die verteenwoordigers van die blokpartye word nie as 'n opposisie of politieke alternatiewe beskou nie. By verkiesings gaan dit nie om die legitimering van mag nie; dis 'n magsinstrument.<sup>26</sup> Alle kandidate van die blokkoalisie word op een lys verenig wat streng deur die partyleiers beheer en gekontroleer word. Die doelwit van 'n blokstelsel was om marxistiese hegemonie te verseker en nie om demokratiese kompetisie van partye vir kiesersteun te fasiliteer nie. Kremer en Weber<sup>27</sup> verduidelik die sisteem soos volg:

The potential candidates for representative positions of a state all came from a select group: They belonged to the Marxist-Leninist party or a block party. The point of having elections was to appoint the best representatives of the proletariat for important tasks, who were – by definition – all members of the Marxist-Leninist party or the allied bloc parties. All candidates share the "standard opinion" and the voters were only allowed to decide who would represent this opinion in parliament. If there was a ballot paper without any marks on it, the vote was given to the first candidate on the list. It was therefore impossible to abstain from voting by not choosing a candidate on the ballot paper. This kind of selection largely prevented citizens from having any direct influence on politics. Only those who had proven to be loyal to the party line could acquire a seat in parliament.

Die blokstelsel moet dus nie verwar word met tradisionele steun van vakbonde vir arbeiders- of sosialistiese partye of werkgewersorganisasies vir konserwatiewe partye soos dit tipies in 'n demokrasie beoefen word nie. Hoewel lede van sulke vakbonde of werkgewersverbande ook lede van bepaalde partye van hul voorkeur kan wees of vir verkiesings kan staan, word die selfstandigheid van die onderskeie regspersone nie daardeur beïnvloed nie en dit het ook geen invloed op die demokratiese wedywing van politieke partye om kiesersteun nie.

*(ii) Die onversoenbaarheid van blokstelsels met 'n parlementêre demokrasie: 'n regsvergelende perspektief*

Kort nadat die Federale Bondrepubliek van Duitsland tot stand gekom het, moes die Duitse konstitusionele hof in 1956 beslis oor wat demokratiese optrede van politieke partye behels. Dit het gegaan oor 'n aansoek om die Kommunistiese Party te verbied omdat die party die regsnorme van artikel 21(2) van die Grondwet misag het en daarna gestrewe het om die parlementêre demokrasie deur 'n ander konstitusionele stelsel te vervang.<sup>28</sup>

Die hof beslis dat politieke partye gebonde is aan die beginsels wat die Grondwet normeer en dat meningsvryheid en vrye assosiasie binne hierdie raamwerk uitgeleef moet word.<sup>29</sup> Die hof verwys na die Weimar Republiek se Grondwet wat selfs partye wat die demokratiese stelsel ondergrawe en beveg het, en 'n fascistiese totalitêre staat voorgestaan het, verdra het. Die beginsel van demokratiese veelvoudigheid wat in die Duitse Grondwet van 1949 veranker is, moet derhalwe vanuit hierdie hoek betrag word. Nadat Duitsland met die Nazi-diktatuur aan sy eie bas ervaar het waartoe onbeperkte verdraagsaamheid en neutraliteit ten opsigte van sulke partye kan lei, is 'n meer proaktiewe aanslag geregverdig.<sup>30</sup>

Die hof verduidelik dat 'n blote kritiese houding ten opsigte van die parlementêre demokrasie nie voldoende is om 'n party onkonstitusioneel te verklaar nie. Daar moet bewys word dat 'n party aggressief daarop ingestel is om die bestaande demokratiese bestel omver te werp.<sup>31</sup> Die hof het tevore reeds die navolgerparty van die Nasionaal-Sosialistiese Party ongrondwetlik



verklaar.<sup>32</sup> Die kern van die hof se uitspraak in hierdie saak het gefokus op die konsep van 'n mededingende demokrasie ("streitbare Demokratie").<sup>33</sup>

Terwyl die Grondwet enersyds steeds vrye demokratiese beginsels beskerm wat in beginsel toleransie vir alle politieke partye waarborg, gaan dit tog nie meer so ver om uit blote onpartydigheid kernbeginsels van demokrasie in die Grondwet ten koste daarvan nie genoegsaam te beskerm nie. Die pluraliteit van waardes en doelwitte wat verpersoonlik word deur politieke partye en wat algemeen as demokratiese beginsels gekristalliseer het en erken word, vorm die basis van die staatsbestel wat ferm teen aanvalle daarop beskerm moet word. In sover as wat dit nodig is om hierdie demokratiese beginsels te beskerm, moet politieke aktiwiteite wat hierdie beginsels aantast noodgedwonge beperk word. Die Grondwet het doelbewus 'n sintese van toleransie, politieke vryheid en onaantastbare kernbeginsels vir die demokratiese staatsorde geskep.

Teen hierdie agtergrond beslis die hof dat die blokstelsel soos dit byvoorbeeld in Oos-Duitsland deur die SED beoefen is, indruis teen die beginsel van gelyke geleenthede vir partye. Partye moet in verkiesings uit eie reg en op 'n gelyke voet met mekaar meeding om kiesersteun.<sup>34</sup> Die Duitse konstitusionele hof het in talle ander sake herhaaldelik beslis dat die beginsel dat politieke partye gelyke geleenthede moet hê in verkiesings, 'n inherente deel van die "vrye demokratiese orde" is waarop die parlementêre demokrasie berus.<sup>35</sup>

Tot die unifikasie met Oos-Duitsland het die blokstelsel nie weer ter sprake gekom nie. 'n Navorgerparty van die eertydse Oos-Duitse kommunistiese party het toe weer probeer om 'n gesamentlike kandidatelys met ander partye op te stel. In die algemene verkiesing van 2005 het die Linke/PDS Party en die WASG ("Arbeit & Soziale Gerechtigkeit – Die Wahlalternative" oftewel Arbeid- en Sosiale-geregtigheidsalternatief) hul kandidate gesamentlik gelys. Hulle het die omstrede stap probeer legitimeer met die argument dat hulle as 'n "Fraktion" of fraksie ('n tipe kookus) fungeer. Dit het tot 'n omstrede geskil gelei en in 2008 het die Duitse wetgewer in reaksie daarop 'n wetswysiging aangeneem wat politieke partye uitdruklik verbied om kandidate op die lys van 'n ander politieke party te sit.<sup>36</sup>

In Duitssprekende state tref 'n mens dikwels die begrip *Fraktion* aan wat sekere ooreenkomste met 'n kookus toon, maar afwyk van die Westminster-begrip van 'n kookus. Nie alle parlementêre verteenwoordigers van 'n bepaalde party is outomaties deel van die party se kookus nie. Afgevaardigdes wat hul onafhanklikheid wil bewaar en nie gebonde wil wees aan die rigiede kookusvoorskrifte ten opsigte van hoe gestem moet word oor wetsontwerpe nie, hoef nie deel van die kookus te wees nie.<sup>37</sup> Sulke partylede boet egter bepaalde voorregte in wat die kookuslede het. 'n Fraksie bestaan ook nie noodwendig net uit die lede van een party nie. Die twee Christelik-demokratiese partye in Duitsland geniet al jare die voorreg dat hulle as 'n fraksie geld in die federale parlement. Daar is sekere vereistes waaraan partye moet voldoen om vir party-oorkoepelende fraksiestatus te kwalifiseer: (i) die partye se beleid moet identies wees en (ii) hulle mag nie gelyktydig in dieselfde federale state aan verkiesings deelneem nie. Daar die beleid van die Christelike Demokratiese Party (CDU) en die Christelike Sosiale Party (CSU) nie verskil nie en die CSU net in Beiere aan verkiesings deelneem, terwyl die CDU in al die ander federale state vir verkiesings aantree, word hulle toegelaat om in die parlement as 'n fraksie op te tree. Hulle word egter nie toegelaat om hul kandidate op een lys te plaas nie en die kandidate mag ook net lede van een van die twee partye wees. Die rede waarom dit so streng gehandhaaf word, is om die oor-

ondervteenwoordiging van 'n bepaalde party in die parlement uit te sluit. Die verkiesingsuitslag moet die werklike steun van kiesers vir 'n party weerspieël. Vandaar is dit duidelik waarom die ander partye die Linke/PDS Party en die WASG gekritiseer het. Hulle het nie die geldende reëls gevolg nie, maar saam op een lys van kandidate aan die verkiesing in verskeie federale state deelgeneem. Uiteindelik het die twee partye geamalgameer en die Linke Party in 2007 gevorm. Die federale wetgewer het egter besluit om die aangeleentheid vir die toekoms in wetgewing te reguleer.

Om dus saam te vat: daar is talle sosialistiese en kommunistiese partye wat aktief is in Wes-Europa, maar die punt is dat hulle die grondwetlike raamwerk van die onderskeie parlementêre demokrasieë respekteer. Hul strewe nie na 'n opperheerskappy soos die Marxisties-Leniniste partye van die eertydse Oosblok nie.

*(iii) Die effek van blokstelsel-elemente in die definisie van 'n politieke party op parlementêre demokrasie in Suid-Afrika*

Sedert 1994 is die SAKP as politieke party geregistreer, maar het nog nie aan 'n enkele verkiesing deelgeneem nie. Die SAKP se taktiek is om nie uit eie reg aan verkiesings deel te neem nie, maar sy kandidate saam met die ANC s'n op een lys te kombineer. Die SAKP legitimeer hul optrede met "hegemoniese aktivisme". Die party beskou homself as "a 'party of governance' – but not a governing party as such".<sup>38</sup> Die meganisme wat die SAKP benut om in 'n verkiesingsblok met die ANC op te tree is dubbele lidmaatskap van sy lede aan beide partye. Die SAKP steun op die alliansie se bevrydingsgeskiedenis om die deelname aan verkiesings met 'n gemeenskaplike lys van kandidate te regverdig.<sup>39</sup>

Die statutêre definisie van 'n politieke party gee genoeg speelruimte aan die regerende alliansie om hierdie optrede te wettig, maar die vraag is of die praktyk ook grondwetlik is. Die politieke arena van die post-1994 era funksioneer binne 'n heeltemal ander raamwerk waar alle politieke partye verplig is om die Grondwet te respekteer. Die meerpartystelsel is gebaseer op 'n parlementêre demokrasie en artikel 1(d) van die Grondwet vereis dat elke party uit eie reg aan verkiesings moet deelneem met sy eie lys van kandidate.<sup>40</sup> Slegs indien 'n party deelneem aan 'n verkiesing kan dit ook 'n sê hê in hoe die land regeer word. 'n Demokrasie lewe van mededinging en onsekerheid ten opsigte van die kiesers se steun om verantwoordelikheid van politici te bevorder.<sup>41</sup> Die praktyk van die SAKP om hul kandidate met die ANC s'n te kombineer affekteer die parlementêre demokrasie veral in drie opsigte: dit ondermyn regverdige kompetisie van partye vir kiesersteun; die beginsel van proporsionele verteenwoordiging van partye in die parlement word belemmer; en die magsbalans van potensiële koalisië kan nie die ware steun van kiesers reflekteer nie. Hierdie drie knelpunte word vervolgens nader belig.

*(a) Regverdige kompetisie vir kiesersteun gekortwiek*

Die hoofpunt van kritiek teen die integrering van blokstelsel-aspekte met die demokratiese wedywering van partye is dat dit regverdige mededinging en gelyke geleenthede van partye kortwiek. Die ANC-SAKP-alliansie tree op soos blokpartye en kombineer hul kandidate op een lys; derhalwe het hulle 'n onregverdige voorsprong om meer stemme met 'n gemeenskaplike lys te trek as wat andersins die geval sou wees. Artikel 47(3) van die Kieswet bepaal egter dat 'n stembrief bedorwe is indien 'n kieser vir twee partye gestem het. Die vraag kan dus tereg gevra word of nie alle stembriewe vir die gemeenskaplike kandidate

van die ANC en SAKP as bedorwe beskou moet word nie, omdat die keisers eintlik vir twee partye stem.

Dit is ook nie regverdig dat 'n party wat nie aan verkiesings deelneem nie, op so 'n omstrede manier in die parlement intrek sonder 'n kiesersmandaat. Talle partye wat volgens die demokratiese reëls speel, kwalifiseer nie vir verteenwoordiging in die parlement nie omdat hulle te min stemme kry. In 2002 het die SAKP nogtans 65 lede in die parlement gehad sonder dat dit amptelik aan die verkiesing deelgeneem het.<sup>42</sup> By tye het die SAKP selfs dubbeld soveel verteenwoordigers in die parlement gehad as die amptelike opposisie sonder dat hulle 'n enkele stem gekry het om verteenwoordiging te legitimeer. Dit was die geval na die 2004-verkiesings toe die SAKP 80 lede in die parlement gehad het. Die party het in daardie stadium 51 000 lede gehad en dit is onwaarskynlik dat dit hulle 'n aandeel van 20% van die kiesersteun sou inbring.<sup>43</sup> Voor die 2014-verkiesing het die SAKP weer eens aangekondig dat dit nie self aan die verkiesing gaan deelneem nie, maar die ANC se verkiesingsveldtog wou ondersteun.<sup>44</sup> Hoewel die SAKP nie amptelik aan die verkiesing deelgeneem het nie, is 17 lede van die SAKP se sentrale komitee verkies as lede vir die ANC in die parlement. Nog meer gewone lede van die SAKP het ook onder 'n ANC-vaandel in die parlement ingetrek.

In 'n demokrasie stem kiesers vir 'n party op grond van die beleid wat dit voorstaan. Die ANC en die SAKP het dikwels groot verskille ten opsigte van beleid gehad. In die Mbeki-era was die SAKP sterk gekant teen die Growth, Employment and Redistribution (GEAR) ekonomiese beleid, terwyl die SAKP ook nie die ANC se Nasionale Ontwikkelingsplan (NDP) gedurende die Zuma-presidentskap ondersteun het nie. Gevolglik weet kiesers nie vir watter party se beleid hulle stem as beide partye met een kandidaterys vir verkiesing aantree nie. 'n Duidelike kiesersmandaat vir 'n spesifieke beleid is nie moontlik nie.

Hoewel diskussies altyd weer opvlam in die SAKP of hulle nie uit eie reg aan verkiesings moet deelneem nie, word dit konsekwent deur die SAKP-leierskorps onderdruk.<sup>45</sup> In *Ramakatsa* het die konstitusionele hof egter beslis dat die leiers van 'n party nie die reg het om die demokratiese deelname van partylede te beperk nie. Dit is 'n ongrondwetlike inbreuk op die artikel 19 politieke regte van partylede. Die aangeleentheid is uiters sensitief, daar die eksponensiële groei in lidmaatskap van die SAKP van 150 000 in 2013 tot 225 000 in 2015 veral daarop berus dat die party lede gewerf het op grond van die SAKP se planne vir ekonomiese hervorming en weens ontevredenheid met die ANC.<sup>46</sup> Trevor Manuel, voormalige minister van finansies, het onlangs tereg gevra wat die punt is dat die SAKP nuwe lede werf as die partyleiers konsekwent weier om self aan verkiesings deel te neem. Hy het dit so gestel:<sup>47</sup>

What does the SACP stand for? And from where does it derive its legitimacy? ... So by claiming the legitimacy afforded it, it does so from the perch of being distinctly in government, yet claiming to be an NGO. This has to be the most profound paradox of its very existence; this is the “blurring of the blur”, rather than the negation of the negation. Why then does the SACP have this special status and a boundless legitimacy to hold forth on any matter, as if it is independent? The very existence of the SACP in the ANC in the current milieu is a huge mystery.

Dit staaf waarom 'n behoorlike definisie van 'n politieke party noodsaaklik is. Indien die SAKP bloot die status het van 'n nieregeringsorganisasie, mag dit nie as politieke party geregistreer wees nie.

Om saam te vat: indien die twee partye hul kandidate op 'n gesamentlike lys wil plaas, is hulle gebonde aan die demokratiese raamwerk vir verkiesings en moet hulle eers saamsmelt soos die wetgewing vereis, eventueel onder 'n nuwe naam.<sup>48</sup> Dis wat die Onafhanklike Demokrate en die Demokratiese Alliansie voor 2014 se algemene verkiesing ook gedoen het.<sup>49</sup> Dieselfde spelreëls geld vir die SAKP.

*(b) Proporsionele verteenwoordiging nie deurvoerbaar nie*

Die kombinerings van kandidate van onderskeie partye op 'n verkiesingslys veroorsaak ook ander probleme. In die gegewe omstandighede kan die OVK nie bepaal hoeveel die relatiewe kieserssteun vir elke party is om hul proporsionele aandeel van die verteenwoordigers vas te stel nie. Die een of die ander party gaan noodgedwonge óf oorverteenvoerdig óf onderverteenvoerdig wees.

In die verlede het hierdie praktyk tot 'n onderverteenvoerdiging van die ANC in die parlement in vergelyking met hul kieserssteun gelei. Volgens 'n opname van Ipsos Markinor wat in April 2007 uitgevoer is, is vasgestel dat net 8% van alle Suid-Afrikaners en 5% van ANC-ondersteuners vir die SAKP sou stem indien die party amptelik aan 'n verkiesing sou deelneem. Dus het 'n party wat net 5% steun geniet binne die ANC, oor 30% van hul verteenwoordiging in die parlement beskik en met net potensieel 8% steun van die kieserskorps het hulle nogtans 20% van die verteenwoordiging in die parlement behaal. Dis SAKP was dus disproportioneel oorverteenvoerdig in die parlement in vergelyking met hul potensieële kieserssteun.<sup>50</sup>

*(c) Die permanente blokkoliasie belemmer regeringsvorming*

So 'n blokkoliasie belemmer ook regeringsvorming, omdat dit soos 'n permanente koliasie funksioneer. In 'n demokrasie is 'n koliasieregering egter relevant net indien geen party 'n absolute meerderheid by die stembus kry nie. 'n Koliasieregering kan dus hoogstens ná 'n verkiesing gevorm word en duur ook net vir die betrokke parlementêre termyn.<sup>51</sup>

Daar is geen rede waarom 'n party met 'n absolute meerderheid kabinetsposte wat die party toestaan met 'n ander party moet deel nie. Indien geen party 'n absolute meerderheid kry nie, bepaal die relatiewe sterkte van die partye van 'n koliasieregering tot mekaar hul verhandelingspotensiaal oor beleid en hul aantal kabinetsposte in

die regering. Ter illustrasie: indien party A 30% van die stemme kry en party B 20% en op 'n koliasieregering besluit, sou A op 3/5 van die kabinetsposte kon aanspraak maak en B op 2/5. Die samevoeging van kandidate op een lys kan egter ook tot gevolg hê dat 'n party onder wie se banier die verkiesing geveg is, die beheer verkry, selfs al het daardie party nie die meeste stemme getrek nie.<sup>52</sup> Gewoonlik het die party wat die meeste stemme gekry het, die voorreg om 'n koliasieregering te vorm.

By 'n permanente koliasie soos dié van die ANC-SAKP word hierdie goue reëls van demokratiese koliasievorming geskaakmat. Die SAKP het tans 40% van die kabinetsposte

sonder dat die party eintlik op kabinetsposte aanspraak sou kon maak indien die ANC 'n absolute meerderheid gekry het. Die relatiewe sterkte van die koalisiepartye is ook deurslaggewend vir hul bedingingsmag ten opsigte van beleid. Die ANC-beleid was tradisioneel eerder geskoei op sterk sosiaal-demokratiese beginsels, maar in die Zuma-termyn het die SAKP die kabinetsbeleid toenemend in 'n sterk sosialistiese rigting gedruk.<sup>53</sup> Terselfdertyd het die SAKP min speelruimte om polities standpunt in te neem teen korrupsie en die verkwisting van staatsfondse wat hulle na aan die hart lê.

'n Verdere probleem is dat die leier van die party met die sterkste kiesersteun in 'n koalisieregering gewoonlik die regeringshoof word. In teenstelling met president Mbeki, wat sy lidmaatskap van die SAKP opgesê het, weet 'n mens nie of president Zuma nou eintlik die SAKP of ANC verteenwoordig nie, hoewel dit kardinaal is vir die verkiesing van die leier van die kabinet en die legitimering van regeringsbeleid. Die SAKP het destyds die verkiesing van Zuma as partyleier van die ANC sterk beïnvloed, maar intussen beskou die party dit as 'n fout.<sup>54</sup> Dit bewys hoe belangrik dit is dat elke party se eie lede die leierskorps van die party moet bepaal.

## **2.2 Jaarlikse herregistrasie van onverteenvoordigde partye**

Artikel 15(6) van die Verkiesingskommissiewet vereis dat alle partye wat nie in die parlement verteenwoordig is nie, jaarliks moet herregistreer.<sup>55</sup> Regulasie 10 van die

Regulasies vir die Registrasie van Politieke Partye, 2004 bepaal dat dit voor die einde van Januarie gedoen moet word. By implikasie verval die registrasie van 'n party outomaties indien dit nie betyds herregistreer nie.

Tot dusver het geen party die grondwetlikheid van die jaarlikse herregistrasie van onverteenvoordigde partye aangeveg nie. Dit is kwalik moontlik om binne 'n jaar vas te stel of 'n party nog as party funksioneer of aan verkiesings wil deelneem as die volgende verkiesing eers weer oor vyf jaar plaasvind. Die beperking van die lewensduur van sulke partye tot een jaar staan derhalwe nie in verhouding tot die doelwit wat die wetgewer het om nie-aktiewe partye uit te skakel nie.<sup>56</sup> Dit kom neer op 'n ongeregverdigde diskriminering teen sulke partye. Dit kan sinvoller wees om die registrasie van 'n party te laat verval indien 'n party aan geen verkiesing binne 'n bepaalde termyn deelgeneem het nie. In Duitsland word byvoorbeeld bepaal dat 'n party se registrasie outomaties na ses jaar verval indien die party gedurende daardie periode nie aan 'n enkele verkiesing deelgeneem het nie.<sup>57</sup>

## **2.3 Die deregistrasie van partye**

### **2.3.1 Statutêre regulering**

Artikel 17(1) van die Verkiesingskommissiewet maak voorsiening vir die omstandighede waarin die OVK 'n party se registrasie mag kanselleer:

The Commission may cancel the registration of a party if –

(a) after due notice in writing to that party and an inquiry into the matter, the Commission is satisfied that the party no longer functions or has no intention to participate in an election;

(b) it is notified by that party in the prescribed manner that the party has dissolved or is intending to dissolve on a specified date;

(c) that party is not represented in the National Assembly, a provincial legislature or a municipal council and it has not participated in a national, provincial or municipal general election that took place after the date of its registration or after the date when it was last so represented; or

(d) that party has changed its deed of foundation or constitution and the Commission is satisfied that change has resulted in that deed of foundation or constitution containing anything –

(i) which portrays the propagation or incitement of violence or hatred or which causes serious offence to any section of the population on grounds of race, gender, sex, ethnic origin, colour, sexual orientation, age, disability, religion, conscience, belief, culture or language; or

(ii) which indicates that persons will not be admitted to membership of the party or welcomed as supporters of the party on the grounds of their race, ethnic origin or colour.

Die eerste vraag wat ontstaan, is of 'n party se registrasie outomaties ingevolge artikel 15(6) verval indien dit nie herregistreer nie, ook as deregistrasie kragtens artikel 17 verstaan moet word. 'n Noukeurige interpretasie van artikel 17(1) maak dit duidelik dat hierdie bepaling eerder gerig is op gevalle waar 'n party oor 'n langer periode – ten minste langer as 'n wetgewende termyn van vyf jaar – nie meer aan verkiesings deelgeneem het of as party funksioneer het nie, of ontbind het. Artikel 15(6) van die wet moet dus so interpreteer word dat die registrasie van 'n party wat nie in 'n wetgewende liggaam verteenwoordig is nie, outomaties verval aan die einde van 'n kalenderjaar tensy die voorgeskrewe herregistrasie en betaling van die registrasiegeld betyds voor die sperdatum aan die einde van Januarie ingedien word.

### 2.3.2 Handhawing in die praktyk

Daar is geen duidelike patroon hoe die OVK die deregistrasie van partye hanteer nie. In 2009 en 2010 het die OVK respektiewelik 25 en 20 partye meegedeel dat hul registrasie verval het omdat hulle nie herregistreer het ingevolge artikel 15(6) van die wet nie.<sup>58</sup> Die partye is eers in Oktober daaromtrent ingelig, hoewel 'n mens sou kon verwag het dat dit kort na die sperdatum gedoen moes gewees het, anders kon partye wat nie meer wettig geregistreer is nie, steeds voorgee dat hulle as politieke partye fungeer.

In die meeste ander gevalle is partye op grond van artikel 17 van die wet gederegistreer, maar dit lyk asof die partye wat in 2005, 2008 en 2013 gederegistreer is, eintlik artikel 15(6)-gevalle was.<sup>59</sup> In 2013 is dieselfde partye op grond van sowel artikel 15(6) as artikel 17 gederegistreer. Daar is net een geval waar die OVK meer spesifiek was en aangedui het volgens watter bepaling van artikel 17 politieke partye gederegistreer is. Dit was in 2010, toe twee partye ontbind het.<sup>60</sup>



Dit maak duidelik dat die wetgewer die deregistrasie van partye met meer duidelikheid behoort te reguleer om verwarring uit te skakel.

### 2.3.3 Ongelyke behandeling van partye deur die OVK

Die bevoegdheid van die OVK om die registrasie van 'n party te kanselleer kragtens artikel 17 van die wet is in die vorm van 'n diskresie geklee. Die OVK moet egter sy bevoeghede in ooreenstemming met die Grondwet uitoefen en is aan regstaatlikheid en die beginsel van legaliteit gebonde. Die diskresie mag dus nie op 'n arbitrêre of diskriminerende wyse uitgeoefen word nie.<sup>61</sup> Die wet skryf verder voor dat die OVK onpartydig moet optree en sy funksies onbevangen moet uitoefen sonder vrees en bevoordeling.<sup>62</sup> Dit is 'n institusionele verpligting wat die strukturele verhouding tussen die OVK as staatsorgaan en die politieke regte van kiesers, partylede en partye ingevolge die handves van regte weerspieël.

As 'n mens ontleed hoe die OVK die diskresie uitoefen om die registrasie van politieke partye te kanselleer, lyk dit nie of partye gelyke behandeling ontvang nie. Ter illustrasie:

- Op 11 April 2013 het die OVK 74 politieke partye meegedeel dat hul registrasie ingevolge artikel 17 van die Verkiesingskommissiewet binne 14 dae gekanselleer sou word tensy hulle die kommissie kon oortuig dat hulle steeds as politieke partye funksioneer of beoog om aan verkiesings deel te neem.<sup>63</sup> Die SAKP was nie een van die gelyste partye nie.
- Op 10 Julie 2013 het die OVK 58 politieke partye meegedeel dat hul registrasie ingevolge artikel 17 van die Verkiesingskommissiewet binne 14 dae gekanselleer sou word tensy hulle die kommissie kon oortuig dat hulle steeds as politieke partye funksioneer of beoog om aan verkiesings deel te neem.<sup>64</sup> Hierdie partye was reeds almal tevore ook gelys in die algemene kennisgewing van 11 April. Ook hier was die SAKP nie een van die gelyste partye nie. Die uitoefening van die diskresie is ook taamlik wankelmoedig as dit herhaal moet word.
- Op 6 Desember 2013 het die OVK 56 van daardie partye finaal ingelig dat hulle gederegistreer is ingevolge 15(6) van die Kieswet omdat hulle nie voor die einde van Januarie 2013 herregistreer het nie.<sup>65</sup> Die SAKP was weer eens nie een van die gelyste partye nie; in dié geval is dit moontlik dat die party wel die voorgeskrewe gelde vir herregistrasie voor die einde van Januarie betaal het.

Dit blyk dus dat die diskresie nie duidelik op grond van 'n bepaalde wetsbepaling uitgeoefen word nie: eers word dit op grond van artikel 17 uitgeoefen, dan weer op grond van artikel 15(6). Wat die SAKP betref: in alle vorige jare waar partye gederegistreer is, het die SAKP ook nie op enige lys verskyn nie, hoewel die party nie aan 'n enkele verkiesing sedert 1994 deelgeneem het nie en telkens duidelik gemaak het dat dit ook nie van plan is om in die toekoms aan verkiesings deel te neem nie. Dit is onverklaarbaar waarom die OVK nie die SAKP se registrasie saam met dié van die ander partye gekanselleer het nie hoewel daar genoegsame rede ingevolge artikel 17(1)(a) of (c) van die Verkiesingskommissiewet was. Dit lyk dus of die kommissie sy bevoeghede op 'n arbitrêre wyse uitoefen en die SAKP bevoordeel. Sulke voorkeurbehandeling skep die indruk dat die kommissie nie onpartydig is en die gelykeheidsbeginsel respekteer nie.

### 3. Die depositovereiste vir deelname aan verkiesings

#### 3.1 Die huidige regulering van verkiesingsdeposito's

Verkiesingsdeposito's word deur artikel 27 van die Kieswet gereuleer. Subartikel (1) bepaal dat indien 'n geregistreerde party aan 'n verkiesing wil deelneem, dit 'n lys met genomineerde kandidate aan die hoofverkiesingsbeampte volgens die voorgeskrewe prosedures voor die sperdatum vir nominasies moet voorlê. Subartikel (2) skryf voor welke data so 'n lys met kandidate moet vergesel. Die bepaling vereis onder meer dat die verteenwoordiger van die party die lys moet onderteken en 'n onderneming moet gee dat die party die verkiesingskode sal respekteer, dat elke kandidaat kwalifiseer om vir 'n verkiesing te mag staan, dat elke kandidaat die benoeming skriftelik aanvaar en onderteken het, en dat die voorgeskrewe deposito betaal is. Subartikel (3)(a) bepaal dat die OVK 'n deposito vir deelname aan verkiesings "mag bepaal". Dit is 'n diskresionêre bevoegdheid en nie verpligtend nie. Voorts is dit 'n onbeperkte diskresie om sulke deposito's te bepaal. Die enigste riglyn wat die wetgewer tans neerlê, is dat die deposito om aan provinsiale verkiesings deel te neem, laer moet wees as die deposito om aan verkiesings op nasionale vlak deel te neem. Indien 'n party minstens een verteenwoordiger in die parlement kry, word die deposito aan die party terugbetaal.<sup>66</sup> Indien geen kandidate van 'n party verkies word nie, verbeur die party die deposito aan die staat.<sup>67</sup>

In Januarie 2004 het die OVK van die magtiging om deposito's te reguleer, gebruik gemaak deur die Regulasies ten Opsigte van die Voorlegging van Kandidatelyste, 2004 uit te vaardig. Regulasie 3 het aanvanklik bepaal dat elke party 'n deposito van R150 000 moet betaal vir deelname aan nasionale verkiesings en daarbenewens R30 000 per provinsie waar hulle verkiesings op provinsiale vlak veg.<sup>68</sup> Vier jaar later, in 2008, is die deposito's verhoog na R180 000 vir verkiesings op nasionale vlak en R40 000 per provinsie.<sup>69</sup> In Desember 2013, kort voor die 2014-verkiesing, is die deposito's verder verhoog tot R200 000 op nasionale vlak en R45 000 op provinsiale vlak vir elke provinsie waarin 'n party aan die verkiesing wil deelneem.<sup>70</sup> Dit lyk dus of daar 'n outomatisme ontwikkel om die deposito's telkens voor elke verkiesing te verhoog sonder dat daar enige statutêre handleiding is om dit te beperk.

#### 3.2 Die aanvegting van die depositovereiste deur die EFF

In die aanloop tot die algemene verkiesings van 2014 het die nuutgestigte Economic Freedom Fighters (EFF) meteoriese opgang gemaak, maar ernstige probleme ondervind om die enorme bedrag van R605 000 bymekaar te skraap om aan die verkiesings op nasionale vlak en in elke provinsie te kon deelneem. Die EFF het aansoek gedoen vir 'n interim-interdik om die OVK te verplig om die betaling van deposito's op te skort of, as alternatief, om 'n laer bedrag te bepaal tot tyd en wyl die wetgewer sinvoller maatreëls aangeneem het om deelname van partye aan verkiesings te reguleer.<sup>71</sup>

Ter agtergrond: In 2014 was daar 152 partye wat vir die verkiesing op nasionale vlak geregistreer was. Van hulle het net 29 aan die verkiesing deelgeneem, terwyl 'n verdere 16 partye ook aan verkiesings vir provinsiale verteenwoordiging deelgeneem het.<sup>72</sup> Minstens nege kleiner partye wat aan die verkiesings wou deelneem, het die handdoek ingegooi omdat hulle nie die deposito's kon bekostig nie en die risiko om die deposito's te verloor, te groot was.<sup>73</sup> In teenstelling met partye wat reeds in die parlement verteenwoordig is, kry nuwe partye geen finansiële ondersteuning van die staat nie. Hulle moet dus met die beperkte

middele tot hulle beskikking die verkiesingsdeposito's betaal en die kostes dra om die verkiesing te veg. Die EFF was van mening dat vrye en regverdige verkiesings nie so gewaarborg kan word nie.

Die volgende twee regspunte het die kern van die saak uitgemaak: eerstens, of die onbeperkte diskresie wat artikel 27 van die Kieswet aan die OVK verleen sonder enige riglyne ten opsigte van die bepaling van verkiesingsdeposito's ongrondwetlik en nietig is; en tweedens of die voorgeskrewe deposito's vir deelname aan verkiesings die toelaatbare perke vir geldige beperking oorskry wat artikel 36 van die Grondwet neerlê.

### 3.2.1 Die onbeperkte diskresie

Die applikant het argumenteer dat die onbeperkte diskresie wat artikels 27(2)(e) en (3) van die Kieswet aan die OVK verleen om deposito's vir die deelname aan verkiesings tot die nasionale parlement te bepaal, ongrondwetlik is. Dit spreek vanself dat die parlement verkiesingsprosedures mag reguleer, maar die konstitusionele hof het in *New National Party* beslis dat sulke bepalings redelik en rasonneel moet wees.<sup>74</sup> In *Dawood* het dieselfde hof beslis dat die omvang en perke van diskresionêre bevoegdhede wat 'n wet aan 'n staatsorgaan verleen, presies uitgestippel moet word.<sup>75</sup>

It is an important principle of the rule of law that rules be stated in a clear and accessible manner. It is because of this principle that section 36 requires that limitations of rights may be justifiable only if they are authorised by a law of general application. Moreover, *if broad discretionary powers contain no express constraints, those who are affected by the exercise of the broad discretionary powers will not know what is relevant to the exercise of those powers or in what circumstances they are entitled to seek relief from an adverse decision.* In the absence of any clear statement to that effect in the legislation, it would not be obvious to a potential applicant that the exercise of the discretion ... is constrained by the provisions of the Bill of Rights, and in particular, *what factors are relevant to the decision ... If rights are to be infringed without redress, the very purposes of the Constitution are defeated.* [eie beklemtoning]

Die applikant het betoog dat artikel 27 van die Kieswet geen riglyne neerlê wat in ag geneem moet word ten opsigte van die bepaling van deposito's nie, behalwe dat die deposito's vir deelname aan provinsiale verkiesings laer moet wees as vir nasionale verkiesings. Die effek van die voorgeskrewe deposito's is deurslaggewend vir die vraag of 'n party dit kan bekostig om aan die verkiesing deel te neem en sonder riglyne kan nie bepaal word watter faktore in ag geneem moet word by die bepaling van die deposito's nie. Die omvang en perke van die diskresie moet deur die parlement bepaal word en kan nie aan die OVK oorgelaat word nie.<sup>76</sup>

Die regverdigheid van regulasies is van groot belang. In *Du Preez v Truth and Reconciliation Commission*<sup>77</sup> beslis hoofregter Corbett dat die publiek geleentheid gegee moet word om kommentaar op sulke regulasies te lewer. Indien 'n wet 'n diskresionêre bevoegdheid toeken aan 'n staatsorgaan om regulasies te maak, geld die aanname dat die bevoegdheid uitgeoefen moet word "in a manner that is fair in all the circumstances". Daar kan aangeneem word dat 'n kommissie soos die OVK, net soos die Waarheid-en-Versoeningskommissie, daaraan gebonde is. In *Minister of Health v New Clicks South Africa (Pty) Ltd*<sup>78</sup> beklemtoon die

konstitusionele hof eweneens die belangrikheid daarvan dat die publiek die geleentheid gegun moet word om kommentaar te lewer op ontwerpregulasies.

Die Grondwet lê nie spesifieke riglyne neer waaraan regulasies moet voldoen nie,<sup>79</sup> maar die gemeneg wat deur die howe ontwikkel is, toon groot ooreenkomste met die Duitse staatsreg. Dit kan dus interessant wees om kortliks vanuit 'n regsvergelijkende perspektief daarna te verwys. Artikel 80(1) van die Duitse Grondwet bepaal dat die wetgewer die uitvoerende gesag (of ander staatsorgaan) mag magtig om regulasies uit te vaardig, maar dat die inhoud, doel en omvang van die bevoegdheid presies in die magtigende wet neergelê moet word. 'n Blote algemene magtiging is nie toelaatbaar nie. Die Duitse konstitusionele hof beslis dat regulasies ten doel het om die raamwerk wat deur die wetgewer bepaal is, verder te konkretiseer en tegniese besonderhede aan te vul.<sup>80</sup> Die wetgewer mag dus nie so vaag bly dat die eintlike wetgewende funksie na die betrokke staatsorgaan verskuif word nie, omdat dit teen die skeiding van magte indruis. Die presiese afbakening van die magtiging om 'n regulasies uit te vaardig dien dus as toelaatbaarheidsfilter wat sulke regulering tot niewesenlike materiële aspekte beperk.<sup>81</sup> Volgens ons Grondwet is die wetgewer daartoe gebonde om self wesenlike aspekte van 'n wet te bepaal en nie sy kernfunksies aan 'n nuwetgewende orgaan mag deleger nie.<sup>82</sup>

As 'n mens regsvergelijkend kyk na ander state (meestal met meerderheidskiesstelsels) wat verkiesingsdeposito's vir kandidate voorskryf, word die bedrae normaalweg in die kieswette neergelê en nie aan die diskresie van 'n ander staatsorgaan oorgelaat nie. Dit is die geval in Brittanje, Kanada, Australië en Nieu-Seeland.<sup>83</sup> Die rede daarvoor is dat politieke partye self inspraak behoort te hê in die regulering van verkiesingsprosedures en dat die verhoging van verkiesingsdeposito's in die parlement gedebatteer moet word. Indien dit byvoorbeeld aan die diskresie van die uitvoerende gesag oorgelaat sou word, kan 'n regerende party toegang tot verkiesings tot sy voordeel manipuleer. Die probleem met die delegering van die bepaling van deposito's aan die OVK is dat dit die waghond oor die regverdigheid van verkiesings eventueel in 'n moeilike posisie kan plaas as partye ondeurdagte deposito's as onbillik beskou.

In die EFF-saak beslis regter Raulinga dat die applikante nie die hof oortuig het dat daar 'n gefundeerde basis is om die regulasie ongeldig te verklaar nie.<sup>84</sup> Die kruks van sy beslissing was dat die howe nie bevoeg is om "in te meng" in die uitoefening van bevoegdhede van 'n ander staatsorgaan nie. Met verwysing na *Glenister v The President*<sup>85</sup> en *Pharmaceutical Manufacturer's Association of SA: In Re -Ex Parte President of the RSA*<sup>86</sup> verklaar die hof:

As long as the purpose sought to be achieved by the exercise of public power is within the authority of the functionary, and as long as the functionary's decision, viewed objectively, is rational a court cannot interfere with a decision simply because it disagrees with it or considers that the power was exercised inappropriately ... I am of the view that I cannot at this stage interfere with a determination made in terms of a legally valid legislative instruct.

Om mee te begin lyk dit of die hof die regterlike toetsingsfunksie verwar met 'n usurpering van magte van ander staatsorgane. In hierdie opsig het die hof 'n foutiewe aanname van die OVK sonder kritiek oorgeneem.<sup>87</sup>

Die hof argumenteer verder dat die depositovereiste 'n "legitimate government purpose" is wat nie "reasonable or appropriate" hoef te wees nie.<sup>88</sup> So 'n standpunt kan kwalik met die regstaatsbeginsel versoen word, omdat die tempering van staatsmag juis 'n regstaat kenmerk:<sup>89</sup> die redelikheid en toepaslikheid van hoe staatsmag uitgeoefen word, is inherente aspekte van die beginsel van proporsionaliteit.<sup>90</sup> Die voorsittende regter het inderdaad die uitspraak in *Glenister* selektief aangehaal. Die gedeelte van die beslissing net voor die aanhaling het juis beklemtoon dat sulke maatreëls nie "capricious or arbitrary" mag wees nie en dat daar 'n rasonele verband moet wees tussen die maatreëls en die doel wat daarmee bereik moet word.<sup>91</sup> Daar is geen argumente aangevoer waarom die voorgeskrewe deposito's as rasoneel beskou is of waarom dit die beste moontlike maatreël is om politieke keuses tot 'n oorsigtelike aantal partye te beperk nie. Die regter het eenvoudig die stelling van advokaat Moerane (namens die OVK) aanvaar dat die voorgeskrewe deposito's rasoneel is en berus op 'n legitieme doel in die uitoefening van 'n openbare funksie. By hierdie doelwit gaan dit om 'n "legitimate governmental end sought to be achieved" wat direk gekoppel is aan magsuitoefening deur die uitvoerende gesag.<sup>92</sup> In die betooghoofde word dit so gestel:<sup>93</sup> "There is thus a legitimate *government purpose* behind the payment of the deposit. Any challenge to this legitimate government purpose trenches on the powers accorded to the *national executive to develop and implement policy*." [eie beklemtoning]

Daar is verder geargumenteer dat die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling naas die President en die Minister van Binnelandse Sake ook as respondent bygevoeg moes gewees het, omdat die deposito's 'n beleidsaangeleentheid van die regering is.<sup>94</sup> Die hof het akkoord gegaan daarmee dat die beleid nie deur die howe of die applikant bevraagteken mag word nie.

Daar is minstens drie aspekte wat deur die hof oorweeg moes gewees het. Eerstens moes die OVK verduidelik het hoekom die verkiesingsdeposito's so hoog is en waarom laer bedrae nie dieselfde doel sou dien nie. Nadat die Kieswet in werking getree het, was die verkiesingsdeposito's in die 1999-verkiesing R100 000 vir deelname aan nasionale en R20 000 vir deelname aan provinsiale verkiesings.<sup>95</sup> Dit lyk of die bedrae op voorstelle van politieke partye berus het.<sup>96</sup> In 2004, toe die regulasies aangeneem is, het die OVK reeds aangedui dat "[s]ome of the political parties expressed concern about the prescribed deposit amounts". Die OVK het die bedrae probeer regverdig deur aan te voer dat dit die integriteit van die verkiesings wou verseker.<sup>97</sup> Om mee te begin, is dit nie duidelik hoe die integriteit van verkiesings deur die betaling van deposito's verseker kan word nie. (Dit sal later krities belig word.) Die OVK het daarna twee maal binne 'n kort tydsbestek die voorgeskrewe deposito's net voor 'n algemene verkiesing stewig verhoog sonder enige begroning waarom dit nodig was.<sup>98</sup> Die deposito's is sedert 2004 met 75% verhoog vir deelname aan verkiesings op nasionale vlak en 66,7% vir deelname aan provinsiale verkiesings. In ander lande bly sulke deposito's soms vir dekades onveranderd.<sup>99</sup>

Tweedens behoort die hof navraag te doen het of die korrekte prosedures gevolg is toe die OVK hierdie verhogings aangekondig het. Is die ontwerpregulasie voorgelê vir kommentaar aan die politieke partye wat gekoöpteer is in die Nasionale Partykoördineringskomitee voordat dit op 6 Desember 2013 uitgevaardig is of het die OVK eenvoudig sonder raadpleging van partye besluit om die deposito's te verhoog?<sup>100</sup> Die OVK het geargumenteer dat die EFF reeds onmiddellik na die laaste verhoging die aansoek om tersydestelling moes gerig het, wat daarop dui dat partye nie die geleentheid vir kommentaar gegun is nie.<sup>101</sup> Die hof het ook nie navraag gedoen waarom die OVK die deposito's eers so kort voor die



verkiesing verhoog het nie.<sup>102</sup> Dit plaas outomaties enorme druk op partye om sulke verhogings dan aan te veg.<sup>103</sup>

'n Derde aspek gaan oor 'n duidelike afbakening van die bevoegdhede van die OVK in verhouding tot dié van die uitvoerende gesag. Die konstitusionele hof het by twee geleenthede beslis dat die OVK nie deel van die uitvoerende gesag is nie en sy bevoegdhede onafhanklik moet uitoefen.<sup>104</sup> Die OVK is grondwetlik verplig om neutraal en onbevange te wees en toe te sien dat verkiesings regverdig is. Indien die besluit om die deposito's te verhoog, berus op 'n beleidskeuse van die uitvoerende gesag soos advokaat Moerane aangedui het, en in samewerking met die uitvoerende gesag geneem is, is daar rede tot kommer. Dit is opvallend dat die verhogings elke keer saamgeval het met die stigting van 'n nuwe party wat van die ANC as regerende party weggebreek het – eers COPE en toe die EFF. Indien die deposito's dus verhoog is op aanbeveling van of druk deur die regerende party, kan manipulasie van die depositovereiste daartoe voer dat die kunsmatige verhoging daarvan voor verkiesings die effek het om ander partye te verhoed om aan die verkiesings deel te neem. Die 2014-verkiesing moet ook binne die konteks beoordeel word dat 'n Ipsos-meningspeiling en die ANC se eie meningspeiling getoon het dat steun vir die ANC in Gauteng tot 45% gedaal het.<sup>105</sup>

Om saam te vat: Daar is grondige redes waarom die hof sowel die onbeperkte diskresie as die redelikheid en onafhanklikheid van die OVK se bepaling van die deposito's meer krities moes getoets het. Daar kan ernstige bedenkinge geopper word oor die grondwetlikheid van artikel 27 van die Kieswet in soverre as wat dit 'n onbeperkte diskresie aan die OVK verleen om deposito's sonder enige riglyne te bepaal.

### 3.2.2 Disproporsionele beperking van politieke regte

Die EFF het ook beswaar aangeteken dat die voorgeskrewe deposito's die reg op gelyke geleenthede van politieke partye, asook die politieke regte van lede van die party wat in artikel 19 van die Grondwet veranker is, disproporsioneel beperk en nie aan die vereistes van artikel 36 van die Grondwet vir geldige beperking voldoen nie.<sup>106</sup> Verder word die beginsel van algemene kiesreg (artikel 1(d) van die Grondwet) en die beginsel van vrye en regverdigde verkiesings (artikel 190(1)(b) van die Grondwet) aangetas omdat alle partye nie in dieselfde mate toegang tot die stembus kry nie.<sup>107</sup>

In *New National Party* beslis die konstitusionele hof dat prosedures van die kiesstelsel soepel genoeg moet wees dat die maatreëls nie regte wat in die handves van regte beskerm word, buite verhouding beperk nie.<sup>108</sup> Met verwysing na die *Richter*-uitspraak het die EFF geargumenteer dat die kiesreg daarop gemik moet wees om stemreg te beskerm en nie onnodig te beperk nie.<sup>109</sup> Die applikant het voorts op 'n *obiter dictum* van regter O'Regan in *African Christian Democratic Party v Electoral Commission* gesteun waar sy sê het die doel van verkiesingsdeposito's is "to evidence the seriousness of their [politieke partye se] intention of contesting the elections" en om te verseker dat "the participation of political parties and candidates in the elections is not frivolous".<sup>110</sup>

Die applikant het aangevoer dat die hoë deposito's wat Regulasie 3 voorskryf, partye reeds voor die verkiesing op ondemokratiese wyse uitsorteer ten spyte van hul ernstige voorneme om aan die verkiesing deel te neem.<sup>111</sup> Die deposito's is nie bekostigbaar vir baie partye nie en dus moet daar óf uitsonderings op die reël wees óf 'n haalbare alternatief vir kleiner of



nuwe partye sodat hulle steeds aan die verkiesings kan deelneem. Die grondwetlikheid van die depositovereiste is ook aangeveg. Die applikant het geredeneer dat daar 'n wye spektrum niefinansiële vereistes is wat meer geskik sou wees om die statutêre doelwit te bereik sonder die onnodige beperking van die regte van sulke partye en hul lede. 'n Geouditeerde ledelys wat bewys dat 'n party byvoorbeeld 200 000 lede het, sal dieselfde doel dien en meer haalbaar wees vir kleiner partye. Dit is nie minder legitiem om hul erns te bewys om aan die verkiesing deel te neem as die enorme deposito's nie.<sup>112</sup> Aangesien die deposito's in elk geval terugbetaal word indien 'n party slaag om net een afgevaardigde te kry, is die hoë deposito's wat vereis word, nie rasideel nie: die ekwivalent van die deposito vir een afgevaardigde sou 'n geldiger maatstaf wees as een wat net groot partye kan haal.<sup>113</sup>

Die applikant het verder geredeneer dat partye met 'n sterk finansiële basis boonop voordeel trek uit staatsondersteuning en ten koste van nuwe partye en kleiner partye bevoordeel word.<sup>114</sup> Volgens die applikant is die deposito's "an opportunity cost in that the money would preferably be used to obtain votes rather than to sit idle at the IEC".<sup>115</sup>

Dit is bekend dat groter partye soos die ANC oor 'n R100 miljoen aan hul verkiesingsveldtogte bestee en dat ook kleiner partye miljoene uitgee.<sup>116</sup> In 2013/14 het die ANC oor die R71 miljoen van die staat gekry, terwyl die DA amper R19 miljoen en COPE effens minder as R11 miljoen gekry het.<sup>117</sup> 'n Groot deel van hul verkiesingskoste en die deposito's kan dus met staats hulp gefinansier word. In beginsel mag staatsbefondsing van politieke partye wat in die parlement verteenwoordig is, nie gekritiseer word nie,<sup>118</sup> maar soos Quinot tereg sê, 'n mens kan ook nie ontken dat partye wat tans kwalifiseer vir staatsfondse daardeur in verkiesings bevoordeel word nie.<sup>119</sup> Derhalwe behoort ander meganismes benut te word om die nadelige effek daarvan vir nuwe of onvertegenwoordigde partye uit te balanseer.

Die hof skenk feitlik geen oorweging daaraan of die beperking van regte deur die depositovereiste of die hoë bedrae van die voorgeskrewe deposito's aan die artikel 36-vereistes vir geldige beperking voldoen nie. Daar dit bloot 'n aansoek om tydelike verligting is, het die hof geargumenteer, kon dit nie die grondwetlikheid van die maatreëls in besonderhede oorweeg nie.<sup>120</sup> 'n Sterk argument sou uitgemaak kon word dat hierdie aanslag nie gelegitimeer kan word in die lig van die konstitusionele hof se uitspraak in *A Party* en *Moloko* nie,<sup>121</sup> maar dit daar gelaat.

In *EFF* verwys regter Raulinga het net kortliks na 'n paar state wat wel verkiesingsdeposito's voorskryf en kom tot die slotsom dat dit vir hom voorkom of die depositovereiste 'n "algemene tendens" is en nie in ander jurisdiksies aangeveg word nie.<sup>122</sup>

In the DRC, eg, the deposit is R2 441 030,00 (Two million Four hundred and Forty one thousand and thirty Rand). The DRC is comparatively speaking, per capita, poorer than South Africa.

In Canada, the candidate for Member of Parliament must place a \$100 000,00 deposit - this is an equivalent of almost R800 000,00 per candidate. At present, all candidates receive their deposit back if they turn in their properly completed financial paper work on time, and a portion of election expenses are reimbursed if 10% is reached. The same practice obtains in the USA and Australia.

Taking a cue from Ghana Electoral Laws (Public Elections Regulations) section 6(1)(a) requires a candidate for president or parliament at the time of nomination to deposit or cause to be deposited such sum as the Commission shall determine.

Die hof het nie na enige bronne verwys nie en op inligting in 'n aanhangsel van die OVK gesteun.<sup>123</sup> Die aangehaalde data is deels nie korrek nie en die hof het ook geen onderskeid gemaak tussen praktyke in state met 'n meerderheidskiesstelsels en proporsionele kiesstelsels nie. Soos in die meeste voormalige Britse kolonies benut Ghana 'n meerderheidskiesstelsel met een afgevaardigde per kiesafdeling.<sup>124</sup> Elke kandidaat moet 'n deposito van 1 000 cedi (omgerek nagenoeg R3 040) betaal.<sup>125</sup> Hierdie bedrae is glad nie vergelykbaar met die eenheidsdeposito's wat alle politieke partye oor een kam skeer in Suid-Afrika nie. Die DRK benut wel 'n proporsionele kiesstelsel, maar het 'n kiesafdelinggebaseerde kiesstelsel met oop lyste waar meer as een afgevaardigde per kiesafdeling verkies word. Elke kandidaat moet 'n terugbetaalbare deposito van CF110 000 (omgerek omtrent R1 435) betaal.<sup>126</sup> Die enorme bedrag vir deposito's in die DRK waarna die regter verwys het, klink dus nie oortuigend nie.

Al die ander state waarna die hof verwys, het meerderheidskiesstelsels op 'n kiesafdelingbasis. Die Canada Elections Act bepaal dat 'n kandidaat vir die parlement 'n deposito van CAD1 000 (omgerek omtrent R9 680) by nominering moet betaal en nie CAD100 000 soos die hof beweer het nie.<sup>127</sup> In Australië moet elke kandidaat vir 'n kiesafdeling 'n deposito van AUD1 000 betaal vir deelname aan verkiesing tot die Huis van Verteenwoordigers (omgerek nagenoeg R9 332) en AUD2 000 (omgerek omtrent R18 664) vir verkiesings tot die Senaat.<sup>128</sup> In Nieu-Seeland word 'n deposito van NZD300 (omgerek omtrent R2 623) per kandidaat vereis,<sup>129</sup> terwyl die Verenigde Koninkryk 'n deposito van £500 (omgerek omtrent R9 294) per kandidaat vereis.<sup>130</sup> Die nominasieprosedures in die VSA wissel baie in die onderskeie federale state. Meestal word 'n deposito vir elke genomineerde kandidaat en/of 'n aantal handtekening van kiesers ter ondersteuning van die nominasie vereis.<sup>131</sup> 'n Mens kan dus nie hierdie state as 'n maatstaf neem nie, omdat die deelname van kleiner partye aan verkiesings nie gekortwiek word deur 'n eenheidsbedrag wat elke party as deposito moet betaal ongeag die aantal kandidate wat dit vir 'n verkiesing nomineer nie.

Die depositovereiste is egter ook in hierdie lande omstrede. In Brittanje word openlik toegegee dat die deposito's kleiner partye benadeel omdat dit 'n groot gedeelte van hul fondse bind wat hulle sou kon spandeer om die verkiesing te veg. Hoewel die Britse verkiesingskommissie in 2003 voorgestel het dat die deposito's afgeskaf moet word, het die groot partye in die parlement daarteen geskop.<sup>132</sup>

Die depositovereiste word dikwels gekritiseer omdat dit welgestelde kandidate bevoordeel en eintlik 'n reliek is uit tye toe daar nog 'n eiendomsvereiste was om te kon stem of om vir verkiesings te kon staan.<sup>133</sup> Die hooggeregshof in Mauritius het eerste opgetree en deposito's ongrondwetlik verklaar omdat dit 'n eiendoms kwalifikasie is.<sup>134</sup> Die meeste state wat steeds 'n depositovereiste het, probeer die uitwerking daarvan temper deur die deposito's terug te betaal indien die kandidaat of party ten minste 'n sekere aantal stemme getrek het. Dit wissel van 5% tot 25% met 10% as deursnit.<sup>135</sup>

Dit is ook debatteerbaar of die depositovereiste 'n "algemene tendens" is soos die hof beweer het. Volgens 'n studie wat in 2004 gedoen is oor nominasieprosedures in 62 demokratiese state, het dit geblyk dat 31 van hulle deposito's vereis het terwyl 31 dit nie vereis het

nie.<sup>136</sup> Die state wat deposito's vereis, het meestal meerderheidskiesstelsels waar een afgevaardigde per kiesafdeling verkies word, terwyl state met proporsionele kiesstelsels selde deposito's vereis.<sup>137</sup> Die meeste voormalige Britse kolonies met meerderheidskiesstelsels het deposito's vereis. Daarteenoor het 76% van die ander lande nie deposito's vereis nie. In die laasgenoemde kategorie val feitlik alle Europese lande met proporsionele kiesstelsels, amper alle Suid-Amerikaanse state, en die voormalige kolonies van Spanje en Portugal. In die state wat wel deposito's vereis, het 24 voorgeskryf dat 'n deposito vir elke kandidaat betaal moet word, terwyl net vyf vereis het dat daar vir partylyste met kandidate deposito's betaal moet word. Twee state het deposito's vir sowel individuele kandidate as partylyste vereis.<sup>138</sup>

As 'n mens na state met proporsionele kiesstelsels kyk, is Nederland 'n uitsondering op die reël. Dit het 'n proporsionele kiesstelsel en soos die meeste ander Europese state volg dit 'n ooplyststelsel waar alle kandidate direk verkies word,<sup>139</sup> maar in teenstelling met die ander wat 'n verteenwoordigingsdrempel benut om 'n onnodige proliferasie van die aantal partye te vermy, vereis Nederland 'n deposito van partye wat tevore geen verteenwoordiging in die parlement gehad het nie.<sup>140</sup> Die terugbetaalbare deposito bedra €1 250 (omgerek om trent R148 100), maar geld vir alle kiesafdelings in alle provinsies.

Dit is dus moeilik om te verstaan hoe die enorme verkiesingsdeposito's wat deur die OVK voorgeskryf word, regsvergelikend gelegitimer kan word.

Samevattend kan 'n mens sê dat die hof nie 'n poging aangewend het om tussen verkiesingspraktyke in lande met proporsionele en meerderheidskiesstelsels te onderskei nie. Hoewel die hof toegegee het dat miljoene mense bitter arm is in Suid-Afrika, was dit nie bereid om alternatiewe moontlikhede te oorweeg waarmee 'n party ook sy erns om aan verkiesings deel te neem, kan demonstreer nie.<sup>141</sup> Die probleem met die depositovereiste is dat dit die beskikbare fondse van partye met beperkte finansiële moontlikhede tydens verkiesings bind en dat hulle nie daardie fondse vir hul verkiesingsveldtog kan benut nie.<sup>142</sup> In Suid-Afrika tref dit nuwe en kleiner partye besonder hard.<sup>143</sup> Wat die huidige depositovereiste in Suid-Afrika so onregverdig maak, is dat kleiner partye wat net 'n paar kandidate op hulle lysie het, net soveel moet betaal om aan die verkiesing deel te neem as die groot partye. Daar kan kwalik beweer word dat die disproporsionele beperking van die regte van nuwe en kleiner partye deur die voorgeskrewe deposito's in verhouding staan tot die statutêre doelwit wat deur die maatreël beoog word. Dit is dus die moeite werd om te kyk na alternatiewe moontlikhede om partye wat nie werklik 'n kans op substansiële kiesersteun het nie, te reduceer sonder dat die regte van nuwe of kleiner partye onnodig beperk word.

### *3.2.3 Alternatiewe maatreëls om 'n ooraanbod van partye te verminder*

Daar word veral van drie opsies gebruik gemaak om 'n ooraanbod van partye te verminder en die demokratiese keuse tussen partye oorsigtelik vir kiesers te hou, te wete handtekeninge ter ondersteuning van kandidate of partye, strenger registrasievereistes om as party te registreer en 'n verteenwoordigingsdrempel vir partye om in die parlement verteenwoordig te word.

#### *(i) Handtekeninge ter ondersteuning van kandidate of partye*

'n Voorgeskrewe aantal handtekeninge word dikwels vereis om 'n persoon of party se kandidatuur te ondersteun. Volgens Massicotte, Blais en Yoshinaka het hierdie metode sowel voor- as nadele. Dit kan wel as meer demokraties beskou word omdat dit die kritiek teen

deposito's as 'n tipe eiendoms kwalifikasie uitskakel, maar dit het al dikwels gebeur dat 'n kandidaat minder stemme by die stembus gekry het as die aantal stemme wat ter ondersteuning van die kandidatuur vereis was.<sup>144</sup>

De Vos sê tereg dat die opsie van handtekeninge ter ondersteuning van elke kandidaat nie prakties uitvoerbaar is in Suid-Afrika met 'n suiwer proporsionele kiesstelsel op nasionale en provinsiale vlak nie. Indien daar byvoorbeeld vereis sou word dat die nominasie van elke kandidaat deur 'n bepaalde aantal kiesers (byvoorbeeld 200) ondersteun moet word, sou dit haas onmoontlik wees vir die OVK om die identiteit van die kiesers op sulke nominasielyste effektief te verifieer gegewe die groot aantal kandidate vir elke verkiesing.<sup>145</sup> In 2009 was daar 9 130 kandidate, terwyl 8 651 kandidate in 2014 aangetree het.<sup>146</sup>

Daar is egter 'n ander variasie van die handtekeningvereiste soos dit byvoorbeeld in Denemarke beoefen word wat die moeite werd is om te oorweeg. Denemarke het ook 'n proporsionele kiesstelsel, maar in teenstelling met Suid-Afrika benut dit oop lyste waar kandidate direk in die kiesafdelings verkies word. Alle partye wat reeds in die parlement verteenwoordig is, kan kandidate benoem in enige kiesafdeling sonder enige verdere vereistes wat nagekom moet word. Nuwe partye moet egter bewys dat hulle beduidende kieserstem geniet voordat hulle aan verkiesings mag deelneem. Daar word vereis dat hulle 'n bepaalde aantal ondersteuningsbriewe van kiesers moet voorlê wat gelykstaande is aan die aantal geldige stemme in die laaste verkiesing om een setel te kon wen, dus 1/175ste van die aantal stemme. (Die Deense parlement bestaan uit 175 afgevaardigdes.) Tans word 20 260 ondersteuningsbriewe vereis van 'n nuwe party wat aan verkiesings wil deelneem.<sup>147</sup>

Hierdie variasie toon ooreenkomste met die voorstel van die EFF dat 'n party ook kan bewys dat dit ernstig is om aan die verkiesing deel te neem as dit 'n geouditeerde ledelys wat deur 200 000 kiesers onderteken is, voorlê.<sup>148</sup> Die hof het nie hierdie argument oorweeg nie.<sup>149</sup>

#### *(ii) Strenger vereistes om as party te registreer*

Strenger vereistes om as party te registreer is 'n erkende metode van kiesstelselontwerp. 'n Onnodig gefragmenteerde partystelsel (met 'n hele rits kleiner partye) kan maklik tot 'n onstabiele regering lei omdat daar geen aansporing bestaan vir klein partye om 'n kollektiewe bydrae te lewer om politieke probleme op te los nie. Sulke splinterpartye het ook nie werklike politieke mag om iets te bereik nie. Daar die meeste kiesers net elke vier of vyf jaar die geleentheid het om aan verkiesings deel te neem, is dit redelik en tot voordeel van die kiesers om die aantal partye wat kan registreer, tot 'n oorsigtelike aantal te beperk.<sup>150</sup> Müller en Sieberer som dit so op: "While party law cannot guarantee an 'optimal' number of parties, it can be used as a tool with which to cut back excessive supply."<sup>151</sup>

As 'n mens kyk na die statutêre vereistes om as party in Suid-Afrika te registreer, is dit opvallend hoe maklik dit is om te registreer. Artikel 15(3)(b) van die Verkiesingskommissiewet bepaal dat 'n party kan registreer indien dit die voorgeskrewe gelde, indien enige ("if any"), betaal. Dit kan dus selfs kosteloos wees, maar die OVK het met die Regulasies vir die Registrasie van Politieke Partye, 2004 die diskresie uitgeoefen om wel 'n nominale registrasiefooi te hef. Die registrasiefooi om aan nasionale en provinsiale verkiesings deel te neem, bedra R500 en die aansoek moet deur 500 ondersteuners onderteken word. Die registrasiefooi vir partye wat net vir munisipale verkiesings wil registreer, bedra R200 en moet vergesel wees van 100 handtekeninge van ondersteuners.<sup>152</sup> In

teenstelling met die enorme verkiesingsdeposito's is hierdie bedrae uiters gering en is ook nog nooit aangepas nie.

Die volgende oorsig illustreer die dilemma waartoe die maklike registrasie aanleiding gee:

- In 2004 was daar 75 partye wat geregistreer was vir verkiesings op die nasionale en provinsiale vlak nadat 26 partye se registrasie gekanselleer is omdat hulle nie hul registrasie betyds hernu het nie. Van die oorblywende 75 het 37 aan die verkiesings deelgeneem.<sup>153</sup>
- In 2009 was daar altesame 156 partye geregistreer, waarvan 117 geregistreer was om op die nasionale en provinsiale vlak deel te neem. Van hulle het net 26 aan die verkiesing op nasionale vlak deelgeneem, terwyl 40 partye op 'n provinsiale vlak deelgeneem het.<sup>154</sup>
- In 2014 was daar alreeds 200 partye geregistreer, waarvan 152 geregistreer was vir verkiesings op nasionale en provinsiale vlak. Van hulle het net 29 aan die verkiesing op nasionale vlak deelgeneem, terwyl 45 partye op 'n provinsiale vlak deelgeneem het.<sup>155</sup>

Daaruit kan afgelei word dat die huidige regulering van registrasie tot 'n ooraanbod van 'n magdom klein splinterpartye gevoer het wat óf nooit aan verkiesings deelneem nie óf ook nie oor voldoende kiesersteun beskik vir verteenwoordiging in die parlement nie. Indien die registrasievereistes strenger sou wees, kan dit die aantal partye duidelik verminder sodat net die partye wat 'n realistiese kans op substansiële kiesersteun het, oorbly. Indien 'n registrasiefooi van, argumentshalwe, R50 000 gehef sou word vir partye wat aan verkiesings op alle vlakke wil deelneem en R20,000 vir partye wat net op munisipale vlak aan verkiesings wil deelneem, kan dit die aantal partye aansienlik beperk. Daar kan verder vereis word dat 'n party ook 'n geouditeerde lys met lede moet voorlê wat toon dat dit genoegsame kiesersteun geniet, soos hier bo bespreek. Sulke maatreëls kan daartoe bydra om die demokratiese keuse tussen verskillende partye vir kiesers meer oorsigtelik te maak.

### *(iii) 'n Drempel vir verteenwoordiging in die parlement*

'n Verdere moontlikheid is om 'n verteenwoordigingsdrempel vir partye te bepaal, met ander woorde dat 'n party 'n sekere persentasie stemme moet kry voordat dit vir verteenwoordiging in die parlement kwalifiseer. Die effek van 'n drempel vir verteenwoordiging is dat dit splinterpartye uitskakel of hulle dwing om met ander partye saam te smelt. Dit is sinvol om die demokratiese keuse tussen partye vir kiesers meer oorsigtelik te maak.<sup>156</sup> Die maatreël word ook daarmee begrond dat dit die regering stabielier maak en die parlement help om sy take effektiewer uit te voer.<sup>157</sup>

Hierdie metode word oor die algemeen in state met proporsionele kiesstelsels aangewend. Denemarke het 'n 2%-drempel vir verteenwoordiging, terwyl dit in Spanje 3% is. In Swede, Noorweë en Oostenryk is dit 4% en in Duitsland, België en talle ander state 5%. Na die negatiewe ervaring wat Duitsland met die suiwer proporsionele kiesstelsel sonder enige toegangskriteria tydens die Weimar-era gemaak het, het die wetgewer besluit dat 'n party minstens 5% van die stemme moet kry om vir verteenwoordig in die parlement te kwalifiseer.<sup>158</sup> Gedurende die 14-jarige bestaan van die Weimar Republiek was daar altesaam 20 koalisieregerings en die langste regering was skaars twee jaar aan bewind. Dit het die regering uiters onstabiel gemaak.<sup>159</sup> Vandag word dit soms bevraagteken of die 5%-drempel



nog nodig is en of 'n 3%-drempel nie sinvoller sou wees nie.<sup>160</sup> Die Europese Raad beveel aan dat 'n verteenwoordigingsdrempel nie hoër as 3% behoort te wees nie.<sup>161</sup> As die verteenwoordigingsdrempel te hoog is, kan dit weer ondemokratiese gevolge hê.<sup>162</sup> Turkye word byvoorbeeld gekritiseer weens die 10%-vertteenwoordigingsdrempel wat vereis word. Daar word beweer dat die regering die drempel ondemokraties benut om die Koerdiese minderheid uit die parlement te hou.<sup>163</sup>

Indien Suid-Afrika 'n goue middelweg sou volg en byvoorbeeld 'n 3%-drempel vir verteenwoordiging sou invoer in kombinasie met strenger vereistes om as politieke party te registreer, kan die depositovereiste waarskynlik geheel en al afgeskaf word.

#### **4. Besware oor ongerymdhede tydens 'n verkiesing**

##### ***4.1 Die statutêre regulering van die toepaslike prosedures***

###### *4.1.1 Prosedures op stembus*

Dit is belangrik dat verkiesingsbeamptes onbevangen is om die regverdigheid van verkiesings te verseker. Derhalwe bepaal die Kieswet dat alle verkiesingsbeamptes hulle pligte onafhanklik, sonder vrees, bevoordeling en vooringenomenheid moet uitoefen en noukeurig moet wees.<sup>164</sup>

Die Kieswet bepaal voorts dat iemand nie as verkiesingsbeampte mag optree of by die tel van stembriewe betrokke mag wees indien so 'n persoon 'n kandidaat of 'n partyagent (toesighouer) is of 'n pos beklee in 'n geregistreerde politieke party nie.<sup>165</sup> Partyagente speel 'n belangrike rol in sover as wat hulle toesig hou by elke stembus, maar hulle mag nie inmeng in die uitoefening van die bevoegdheid van verkiesingsbeamptes nie. Elke party mag twee agente benoem vir 'n stembus en vier vir die verkiesingspunte waar stemme getel en geverifieer word.<sup>166</sup> Partyagente moet Suid-Afrikaanse burgers wees en mag nie terselfdertyd kandidate vir die verkiesing wees nie. Dit is nie verpligtend dat elke party se agente voortdurend by elke stembus teenwoordig moet wees nie. Verkiesingsprosedures word derhalwe nie as gevolg van die afwesigheid van sommige partyagente ongeldig nie.<sup>167</sup>

Die voorsitter van die verkiesingsbeamptes by 'n stembus moet die grense van die stemlokaal afbaken voordat die stembus open.<sup>168</sup> Politieke partye mag nie plakkaat ophang of enige werwing vir hul party binne die afgebakende gebied onderneem nie.<sup>169</sup> Elke kieser is geregtig daarop om in die geheim te stem in 'n afskorting sonder enige beïnvloeding deur ander persone.<sup>170</sup> Sodra 'n stembriëfboks vol is, moet dit in die teenwoordigheid van die partyagente verseël word. Die voorsittende verkiesingsbeampte moet die agente toelaat om hulle seëls op die boks aan te bring.<sup>171</sup> 'n Verseëelde boks met stembriewe moet veilig bewaar word totdat die stemme getel word.<sup>172</sup>

Sodra die stembus sluit, moet die verkiesingsbeamptes alle onbenutte verkiesingsmateriaal volgens die voorgeskrewe prosedures verseël en dan begin om die stembriewe te tel.<sup>173</sup> Indien verkiesings vir onderskeie wetgewende liggame op dieselfde dag plaasvind, moet die stembriewe vir die nasionale vergadering van dié vir die onderskeie provinsiale parlements geskei word. Vervolgens word stemme vir elke party getel en alle bedorwe stembriewe



uitgesorteer.<sup>174</sup> 'n Stembrief geld as bedorwe indien die identiteit van die kieser daarop verskyn, die kieser vir meer as een party of kandidaat gestem het, dit nie duidelik is vir watter party die kieser gestem het nie, en dit nie 'n amptelike stembrief is nie.<sup>175</sup> Hierdie stembriewe moet gemerk en apart verseël word.<sup>176</sup>

#### 4.1.2 Besware oor ongerymdhede

'n Partyagent kan beswaar aanteken dat 'n bepaalde stembrief as bedorwe gemerk is. Die bedorwe stembrief moet dan as omstrede aangeteken word.<sup>177</sup> 'n Partyagent kan ook beswaar maak indien die stemme vir onderskeie wetgewende liggame nie korrek verdeel is nie, met ander woorde as stembriewe vir die provinsiale wetgewer by die hoop van die nasionale wetgewer beland of andersom. Sulke besware moet geopper word voordat die aantal stemme vir elke party vir die onderskeie parlements op die voorgeskrewe lysie met die voorlopige uitslag noteer word.<sup>178</sup> Die partyagente kan eweneens beswaar aanteken indien die stemme nie akkuraat getel is nie, maar moet dit doen voordat die voorlopige uitslag noteer word.

Die verkiesingsbeampte moet diegene wat beswaar aangeteken het, verwittig van die beslissing daaromtrent.<sup>179</sup> Die verkiesingsbeampte kan 'n hertelling van die stemme gelas en die nuwe uitslag noteer. Dit is verpligtend om 'n skriftelike rekord te hou van alle besware, die besluite wat geneem is daaromtrent en die hertelling van stemme.<sup>180</sup> Appèl kan by die OVK aangeteken word teen die beslissing van 'n verkiesingsbeampte.<sup>181</sup>

Die Kieswet skryf verder voor dat die verkiesingsbeampte gedetailleerde data betreffende die uitslae van 'n stembus op 'n vorm moet noteer wat dan aan die publiek en partyagente by die stembus bekendgemaak moet word.<sup>182</sup> Daarna moet die OVK van die uitslae verwittig word.<sup>183</sup> Ten slotte moet die verskillende kategorieë stembriewe verseël en na die hoofverkiesingsbeampte geneem word.<sup>184</sup> Tensy die verkiesingshof anders beslis, mag die OVK alle stembriewe en ander rekords van die verkiesing na ses maande vernietig.<sup>185</sup> Buiten partyagente wat beswaar kan aanteken soos hier bo bespreek, staan dit enige ander persoon vry om beswaar aan te teken oor aspekte van die verkiesing wat die finale uitslae kan beïnvloed.<sup>186</sup>

Artikel 55(2) van die Kieswet bepaal dat alle besware in die voorgeskrewe vorm voor 21:00 op die tweede dag na die verkiesing ingedien moet word. Indien daar grondige redes is, mag die OVK 'n laat beswaar kondoneer.<sup>187</sup> Die OVK moet 'n party wat beswaar aangeteken het, inlig oor die beslissing wat gevel is. Indien 'n partye nie tevrede daarmee is nie, kan dit by die verkiesingshof appèl aanteken.<sup>188</sup> Die uitslag van die verkiesing word egter nie opgeskort terwyl op die uitspraak gewag word nie.<sup>189</sup>

#### 4.1.3 Bekendmaking van die finale verkiesingsuitslag

Die OVK moet binne sewe dae na die verkiesing die uitslag bekendmaak, maar mag nie die uitslag bekend maak voordat die sperdatum vir besware afgeloop het en aan die besware aandag geskenk is nie.<sup>190</sup> Die verkiesingsuitslag mag egter aangekondig word hoewel besware wat op appèl voor die verkiesingshof dien nog nie afgehandel is nie.<sup>191</sup> Indien dit nie moontlik is om die uitslag binne sewe dae bekend te maak nie, mag die OVK by die verkiesingshof aansoek doen om die aankondigingstydperk te verleng indien daar grondige redes bestaan.

#### 4.1.4 Boetes vir oortredings

Die verkiesingshof mag enige oortreding wat die vryheid en regverdigheid van verkiesings in gevaar stel, bestraf.<sup>192</sup> Die hof kan onder meer 'n waarskuwing aan 'n party of individu rig, 'n boete van tot R200 000 oplê, 'n deposito as verbeurd verklaar, 'n kandidaat diskwalifiseer of 'n party se registrasie kanselleer.<sup>193</sup> In sekere gevalle kan selfs tronkstraf opgelê word.<sup>194</sup>

### 4.2 Ongerymdhede tydens die algemene verkiesing van 2014

#### 4.2.1 Berigte oor intimidasie en usurpering van magte van die OVK

Die organisasie Community Agency for Social Enquiry (CASE) het berig dat daar tydens die verkiesingsveldtog grootskaalse intimidasie van kiesers was. Pensioenarisse en hulpbehoewende persone is byvoorbeeld vertel dat indien hulle vir 'n ander party as die regerende party sou stem, hulle welsynstoelaes of pensioene sou verval.<sup>195</sup>

Hoewel die konstitusionele hof dit by twee geleenthede duidelik gemaak het dat die OVK nie deel van die uitvoerende gesag is nie en onafhanklik moet optree om die regverdigheid van verkiesings te waarborg,<sup>196</sup> het die regerende party onregmatig 'n funksie wat die Kieswet aan die OVK toewys, toegeëien ten opsigte van die akkreditering van onafhanklike waarnemers in 2014.<sup>197</sup> Die Minister van Internasionale Verhoudinge het diplomatieke waarnemers beperk tot ambassadeurs en hoë kommissarisse in 'n persoonlike hoedanigheid. Hulle mag nie verteenwoordigers gestuur het nie. Vroeër het die OVK die akkreditering van internasionale waarnemers behartig en min beperkings opgelê.<sup>198</sup>

#### 4.2.2 Ongerymdhede by die verkiesingslokale en die notering van stemme

In die Oos-Kaap is beswaar aangeteken dat die ANC plakkate by stembusse gehad het of stalletjies binne-in die stemlokaal of net daarbuite waar hulle T-hempies aan kiesers uitgedeel het indien hulle vir die ANC gestem het.<sup>199</sup> Sulke stalletjies moet minstens 500 m weg van die stembus wees en kiesers mag ook nie met geskenke omgekoop word nie.

Die meeste klagtes het gehandel oor lakse prosedures ten opsigte van die hantering en tel van stembriewe. Daar is berig dat houers met stembriewe onreëlmatig by die huis van 'n verkiesingsbeampte gestoor is en dat met die inhoud van houers wat reeds verseël was, gepeuter is voordat die stembriewe getel is.<sup>200</sup> In 'n ander geval is stembriewe in houers op 'n veld in Lynnwood gevind. Blykbaar was die stembriewe reeds getel, maar die houers, wat veilig bewaar moes word indien 'n hertelling van stemme nodig sou wees, is eenvoudig weggegooi.<sup>201</sup> Ander houers met stembriewe wat reeds getel was, het weer van vragmotors afgeval terwyl dit veronderstel was om ses maande lank gestoor te word.<sup>202</sup>

Daar was talle klagtes ten opsigte van afwykings tussen die aantal stemme vir bepaalde partye wat genoteer en gesertifiseer is deur verkiesingsbeamptes by die stembusse en die verkiesingsresultate wat later deur die OVK geverifieer en aangekondig is.<sup>203</sup> Die volgende voorbeelde kan genoem word:

- Die aantal stemme vir partye op die nasionale vlak wat deur die OVK-beampte by die stembus van die Hoërskool Montana in Pretoria getel is, het drasties afgewyk van die getal stemme wat aangekondig is deur die OVK nadat die kontroleerders by die

plaaslike OVK-kantoor in Pretoria die stemme geverifieer het. Die OVK-beampte het die lys met getelde stemme by die stembus in Hoërskool Montana onderteken, maar dit is nie deur die partyagente wat teenwoordig was, onderteken soos die wet vereis nie. Hulle kon dus nie kontroleer of hy die stemme korrek noteer het nie. Die onderstaande tabel dokumenteer wat gebeur het.<sup>204</sup> Dit lyk of 'n partydige kiesbeampte die African Christian Democratic Party (ACDP) ten koste van die Demokratiese Alliansie (DA) wou bevoordeel.

| Stemme soos getel deur OVK- beampte by die stembus van Hoërskool Montana |      | Verkiegingsuitslag aangekondig deur die OVK-kantoor in Pretoria |      |        |
|--|------|---|------|--------|
| African Christian Democratic Party (ACDP)                                | 3277 | Demokratiese Alliansie (DA)                                     | 3277 | 64,33% |
| Vryheidsfront Plus (VFP)   | 910  | African National Congress (ANC)                                 | 910  | 17,86% |
| African Independent Congress (AIC)                                       | 382  | Vryheidsfront Plus (VFP)  | 382  | 7,5%   |
| African National Congress (ANC)  | 28   | African Christian Democratic Party (ACDP)                       | 70   | 1,37%  |
| Demokratiese Alliansie (DA)  | 7    | African Independent Congress (AIC)                              | 2    | 0,04%  |

- By die stembus van Gugulethu se stadsaal in Kaapstad was daar 'n soortgelyke voorval. Volgens die lys wat by die stembus noteer is, het die ANC 980 stemme gekry vir die provinsiale parlement, maar by die OVK se versamelpunt in Kaapstad is later aangekondig dat die ANC feitlik dubbel soveel, naamlik 1 827 stemme of 86% van die stemme, by daardie stembus gekry het. Die OVK het verklaar dat die afwykings plaasgevind het toe die genoteerde uitslae van die stembus met die stembriewe tydens die verifikasie vergelyk is.<sup>205</sup> Hier wou 'n partydige kiesbeampte oënskynlik weer die ANC benadeel.

In ander gevalle was daar weer baie groot afwykings tussen die aantal stemme wat 'n bepaalde party gekry het vir die nasionale in vergelyking met die provinsiale parlemete. So het die DA by die stembus van Montana Hoërskool net 7 stemme vir die nasionale parlement gekry, terwyl 3 368 kiesers die party vir die provinsiale parlement gesteun het. By die stembus van Actonville in Benoni het die DA ook net 270 stemme vir die nasionale parlement gekry, maar 2 651 vir die provinsiale parlement. Volgens onafhanklike waarnemers kan daar wel afwykings opduik tussen die aantal stemme wat 'n party vir die nasionale in vergelyking met die provinsiale vlak kry, maar sulke groot afwykings is nie die norm nie.<sup>206</sup> Die ouditspoor dui daarop dat die OVK-beamptes stemme vir die nasionale parlement verkeerd noteer het en dat dit na verifikasie reggestel is. Die regstellings wat gedurende die verifikasie aangebring is, is egter nie behoorlik gedokumenteer sodat die onreëlmatighede opgevolg kon word nie.<sup>207</sup>

In ander gevalle was daar weer baie meer stemme vir die nasionale parlement as die provinsiale parlement by dieselfde kieswyk. In 'n wyk van Richmond, Wes-Kaap was daar altesaam 3 741 stemme vir die provinsie, terwyl net 1 677 kiesers vir die nasionale afgevaardigdes gestem het. Daar net 13 stembriewe bedorwe was, beteken dit dat 2 000

kiesers nie die stembrief vir die nasionale parlement ingevul het nie. Dit wil voorkom of die verkiesingsbeampte nagelaat het om daardie stembrief tot die beskikking van 'n groot aantal kiesers te stel.<sup>208</sup>

Daar was verder onreëlmatighede ten opsigte die voorgeskrewe prosedures wat kiesbeamptes moes volg. In sommige gevalle het die verkiesingsbeampte van die OVK nie die lys met genoteerde stemme onderteken soos die wet voorgeskryf het nie. In ander gevalle het die verkiesingsbeampte wel die lys onderteken waarop die aantal stemme vir die onderskeie partye noteer is, maar dit is nie ook deur die partyagente (toesighouers) onderteken soos die wet vereis nie.<sup>209</sup> Daar was verder voorvalle waar die lys met genoteerde stemme by die stembus nie deur die OVK se verkiesingsbeampte óf die partye se toesighouers onderteken is nie. Hier is 'n paar voorbeelde:

- Die verkiesingsbeampte van 'n wyk in Vosloosrus, Ekurhuleni het byvoorbeeld beweer dat hy nie 'n lys het om die uitslag te noteer toe partyagente van die EFF daarop aangedring het om die lys te sien en te onderteken nie.<sup>210</sup>
- Die ACDP was eweneens omgekrap oor onreëlmatighede by die stembus in Vosloosrus. Dit is 'n ACDP-vesting: hulle leier, Kenneth Meshoe, woon daar en is pastoor by die Hope of Glory Church. Die party het glo 46 stemme op die nasionale verkiesingslys gekry, maar nie 'n enkele stem op provinsiale vlak nie. Volgens Brendon Govender, die party se verkiesingsbestuurder in Tshwane, het partyagente van die EFF wat teenwoordig was by die tel van die stemme bevestig dat die ACDP wel 46 stemme op nasionale vlak gekry het, maar sê dit het ook 52 stemme op provinsiale vlak gekry.<sup>211</sup> Die ACDP het beswaar teen die uitslag aangeteken en op 'n hertelling van die stemme aangedring.

Daar was nie net by die stembusse onreëlmatighede nie. Ook op 'n hoër vlak van die OVK is daar gepeuter met uitslae waar stemme tevore korrek en onder toesig by die stembusse getel en gesertifiseer is.

- Die Pan African Congress (PAC) het byvoorbeeld beswaar aangeteken dat die stemme wat hulle op provinsiale vlak gekry het, skielik onverklaarbaar verminder het nadat die uitslae die kantoor van die OVK op die nasionale vlak bereik het. So het die party by die Universiteit van Kaapstad se stembus 86 stemme gekry vir verteenwoordiging op provinsiale vlak, maar dit is afgeskaal tot nul deur die OVK se nasionale kantoor. Die lys by die stembus was onderteken deur die PAC se agent, maar die lys wat by die OVK op nasionale vlak beland het, was sonder die betrokke persoon se handtekening. Volgens laasgenoemde lys het die PAC geen stemme gekry nie.
- Die aantal stemme vir die PAC by die stembus van die Walter Sisulu-universiteit is eweneens onverklaarbaar verminder van 136 tot 88. Die PAC kon klinkklaar bewys dat die oorspronklike handtekening van die PAC-agente by die stembusse in talle gevalle deur ander handtekeninge vervang is. Hulle het die OVK beskuldig van "diefstal van hulle stemme".<sup>212</sup> Narius Moloto, die PAC se sekretaris-generaal, het gesê: "We have got evidence in a form of samples from voting districts, which show that this thing is organised; it's not an accident."<sup>213</sup>

Die mees opspraakwekkende voorval was in Gauteng, waar die EFF die OVK daarvan beskuldig het dat dit die ANC bevoordeel. Voor die verkiesing het 'n Ipsos-meningspeiling in

Gauteng getoon dat die verkiesing besonder taai gaan wees vir die ANC en dat die party se steun tot 45% kon krimp in die provinsie.<sup>214</sup> Alle oë was dus op Gauteng gerig. Die opposisie het agterdog gewek dat die OVK nie onpartydig is nie toe die ANC se aandeel aan die stemme Woensdagmiddag teen 18:00 gedaal het tot 50,21%. Daarna het die OVK begin voete sleep om die verdere uitslae bekend te maak. Teen Vrydag om 4:00 was die stemme van die meeste provinsies feitlik klaar getel, terwyl 18% van die stemme in Gauteng, veral dié van die groot metropolitaanse gebiede, nog uitstaande was. Die volgende dag het EFF-ondersteuners besluit om na die OVK se provinsiale kantoor op te mars en te eis dat die verkiesingsuitslae onmiddellik bekend gemaak moes word.<sup>215</sup> Die ANC het oor die 10% steun verloor in die provinsie vergeleke met die 2009-verkiesing, terwyl steun vir die DA met 22% geklim het.<sup>216</sup> Uiteindelik het die EFF wel die finale uitslag vir Gauteng met 53,59% van die stemme vir die ANC, 30,78% vir die DA en 10,3% vir die EFF aanvaar en nie hul besware verder opgevolg nie.<sup>217</sup>

#### 4.2.3 Die tydperk om beswaar aan te teken is te kort

Die afloop van die 2014-verkiesing het duidelik geïllustreer dat die tydperk waarbinne besware oor ongerymdhede tydens die verkiesing ingedien kan word, te kort is. Artikel 55(2) van die Kieswet bepaal dat besware nie later as teen 21:00 op die tweede dag na die verkiesing ingedien mag word nie. Die sperdatum vir besware was dus Vrydag 9 Mei om 21:00, maar op daardie tydstop het die uitslae van die metropolitaanse gebiede steeds ingestroom om by OVK-versamelpunte gekontroleer te word. Die PAC het eers Saterdag in die vroeë oggendure op die ongerymdhede waarna hier bo verwys is, afgekom toe die spertyd vir besware reeds verstryk het. Hulle het tereg hul kommer daarvoor uitgespreek.<sup>218</sup> Die bitter kort tydperk waarbinne beswaar aangeteken mag word, het vir alle praktiese doeleindes die reg van die ACDP en PAC om op 'n hertelling van die stemme aan te dring, uitgeskakel.<sup>219</sup>

#### 4.2.4 Kritiese kiesers effektiewer waghonde

Voordat die sperdatum vir besware aan 'n toetsing oor die grondwetlikheid daarvan aandag geniet, nog 'n kort woordjie oor die omvang van onreëlmatighede tydens die 2014 algemene verkiesing: Volgens die Electoral Institute for Sustainable Democracy in South Africa (EISA) kan die indruk ontstaan dat daar baie meer onreëlmatighede was tydens die 2014-verkiesing as tevore. Dit gaan egter nie op nie. Wat wel gebeur het, is dat kiesers baie meer krities geword het – veral in die lig van die opposisie se regstappe om die voorsitter van die OVK weens korrupsie van haar pos te laat onthef. Gevolglik het die publiek dadelik reageer op ongerymdhede waarvan hulle bewus geword het tydens die verkiesing en dit op sosiale media soos Twitter en Facebook bekendgemaak en die OVK en die media daaromtrent ingelig.<sup>220</sup>

Tydens 'n kongres van My Vote Counts en die Universiteit van Kaapstad in Augustus 2015 het een van die sprekers berig van 'n baie interessante projek in Indonesië om die legitimiteit en deursigtigheid van verkiesingsprosedures te bevorder.<sup>221</sup> Die Indonesiese verkiesingskommissie het tydens die presidentsverkiesing die uitslae van die verkiesingslokale en die verifikasie van die aantal stemme vir elke kandidaat soos dit geprosesseer is, vir waarneming deur die publiek geopen. Dit het die kiesers en waarnemers aangespoor om die lyste met genoteerde stemme by die stembusse te vergelyk met data wat by die kommissie aangekom het en om noukeurig te waak oor die akkuraatheid van die verifikasieproses met apps wat spesiaal daarvoor ontwikkel is. Dit het 'n groot bydrae daartoe gelewer om die verkiesing te legitimeer.<sup>222</sup>



Daar bestaan reeds soortgelyke fasiliteite by die OVK wat verder uitgebou kan word om die deursigtigheid van verkiesingsresultate te bevorder.<sup>223</sup> Die OVK het toegegee dat daar probleme was om tydelike helpers behoorlik voor die 2014 algemene verkiesing op te lei en het aangekondig dat dit in die toekoms die onbevangenheid van kiesbeamptes wil verbeter.<sup>224</sup>

#### **4.3 Beoordeling van die statutêre spertyd vir besware**

Daar is reeds hier bo vermeld dat artikel 55(2) van die Kieswet bepaal dat alle besware in die voorgeskrewe vorm voor 21:00 op die tweede dag na die verkiesing ingedien moet word. Indien daar grondige redes is, mag die OVK laat besware kondoneer.<sup>225</sup> Die doel van die bepaling is om kiesers en partye 'n geleentheid te gee om beswaar aan te teken teen onreëlmatighede wat tydens die verkiesing plaasvind. Die 2014-verkiesing het duidelik gemaak dat die spertyd vir besware oor onreëlmatighede tydens die verkiesing te kort is. Terwyl die OVK sewe dae tyd het om die stembriewe te tel en die uitslag van die verkiesing bekend te maak, moet besware reeds binne twee dae na die verkiesing ingedien word. Daar kan dus nie beswaar aangeteken word teen onreëlmatighede wat daarna opduik terwyl stembriewe nog getel word of wat eers later aan die lig kom nie.

Hierdie bepaling beperk vrye en regverdige verkiesings onnodig.<sup>226</sup> Daar moet verder getoets word of artikel 55 van die Kieswet nie ook disproportioneel inbreuk maak op die reg op gelyke geleentheid van politieke partye en die reg van kiesers op vrye en regverdige verkiesings nie.<sup>227</sup> Hierdie regte mag beperk word net in sover dit aan die streng vereistes van artikel 36 van die Grondwet voldoen. Daarvolgens moet die beperking redelik en regverdigbaar wees in 'n demokratiese bestel wat op vryheid en gelykheid gebaseer is. Die beperking van die regte moet verder in verhouding wees tot die doelwit wat nagestreef word, en 'n mindere beperking wat dieselfde doel bereik, moet voorkeur geniet.

Artikel 39(1)(c) van die Grondwet magtig 'n hof om regsvergelyking aan te wend by die interpretasie van die betrokke fundamentele regte. 'n Vlughtige blik op die regulering van verkiesingsbesware in ander demokrasieë toon dat die tydperk vir besware oor die algemeen veel langer is:

- In Kanada mag daar reeds tydens die tel van stembriewe beswaar aangeteken word deur 'n kandidaat vir die kiesafdeling of deur die toesighouers van die partye ten opsigte van stembriewe wat gediskwalifiseer is of nie reg getel is nie. Die verkiesingsbeampte moet elke beswaar noteer en numereer, en ook die nommer van die beswaar ten opsigte van 'n bepaalde stembrief daarop noteer.<sup>228</sup> Enige kieser van die kiesafdeling kan binne vier dae na die bekendmaking van die uitslag aansoek doen om 'n hertelling van die stembriewe deur 'n regter. Die regter moet die hertelling waarneem onder toesig van die beswaarmaker en die kandidate binne vier dae nadat die aansoek gerig is.<sup>229</sup> Enige kieser kan ook beswaar aanteken op grond daarvan dat 'n bepaalde kandidaat nie kwalifiseer om vir 'n verkiesing te staan nie, of dat daar onreëlmatighede, bedrog, korrupsie of onwettige praktyke betrokke was wat die uitslag kon beïnvloed het.<sup>230</sup> Laasgenoemde kategorie besware moet ingedien word binne 30 dae nadat die uitslae bekendgemaak is, of binne 30 dae nadat die beswaarmaker van die onreëlmatighede bewus geword het.<sup>231</sup> 'n Regter hoor die beswaar aan en beslis daaroor.<sup>232</sup>
- In Australië kan eweneens tydens die tel van stembriewe beswaar aangeteken word oor die diskwalifisering van bedorwe stembriewe deur 'n kandidaat of toesighouers



van die kiesafdeling.<sup>233</sup> Die stembriewe moet dan weer getel word voordat die uitslag bekendgemaak word.<sup>234</sup> In die geval van onreëlmatighede, bedrog, korrupsie of onwettige praktyke wat die uitslag kon beïnvloed het, kan 'n petisie binne 40 dae na die verkiesing gerig word aan die Court of Disputed Returns ('n hooggeregshof) om oor die aangeleentheid te beslis.<sup>235</sup>

- In Duitsland kan kiesers of partye tot twee maande ná die verkiesing nog beswaar aanteken ten opsigte van sulke onreëlmatighede. Dit kan 'n hertelling van stembriewe in bepaalde kiesafdelings tot gevolg hê.<sup>236</sup>

'n Mens sou dus 'n sterk argument kon uitmaak dat die sperdatum om beswaar te maak teen onreëlmatighede ten minste tot die datum waarop die verkiesingsuitslag bekend gemaak word, behoort te duur ten opsigte van gediskwalifiseerde stembriewe of ander onreëlmatighede, maar dat dit sinvol sou wees om ook nog tyd daarna toe te laat vir besware oor onreëlmatighede, bedrog, korrupsie of onwettige praktyke wat die uitslag kon beïnvloed het. Daar die OVK in elk geval die stembriewe vir ses maande na die verkiesing veilig moet bewaar, behoort 'n hertelling van stembriewe in sekere kiesafdelings of wyke waar besware geopper is oor die korrektheid van die verkiesingsuitslag sonder probleme moontlik te wees. 'n Langer tydperk vir sulke besware as mindere beperking van die betrokke fundamentele regte behoort dus voorkeur te geniet.

Die hertelling van stembriewe kan ook beter reguleer word. Beide die Australiese en Kanadese regulering daarvan kan as voorbeelde dien van hoe om dit effektief te doen sonder dat die bekendmaking van die verkiesingsuitslag onnodig vertraag word. Dit sou sekerlik die regverdigheid van verkiesings sterk as 'n hertelling van stembriewe deur 'n kommissaris van die OVK onder toesig van die beswaarmakers en partyagente sou plaasvind, en die hertelling nie aan die diskresie van die kiesbeampte by 'n stembus oorgelaat word of beperk word tot 'n hertelling direk by die stembus nie.<sup>237</sup>

Die vraag is verder of artikel 55(1) van die Kieswet nie reeds moontlike besware ongrondwetlik beperk nie. Dit bepaal dat enige geïnteresseerde party “may lodge with the Commission an objection that is material to the determination of the final result of the election ...”. In *Kham v Electoral Commission* gee die konstitusionele hof 'n uitvoerige beslissing oor wat “vry en regverdig” in die konteks van 'n verkiesing beteken.<sup>238</sup> Die hof verwys onder meer na die Universele Verklaring van Menseregte van die Verenigde Nasies, maar kontekstualiseer die beginsel spesifiek binne die raamwerk van artikels 1(d) en 190 van die Grondwet.<sup>239</sup>

But the constitutional requirement is that elections must be free and fair. This is a single requirement, not a conjunction of two separate and disparate elements. The expression highlights both the freedom to participate in the electoral process and the ability of the political parties and candidates ... to compete with one another on relatively equal terms, so far as that can be achieved by the IEC ... Its concern in modern parlance is to try to ensure a “level playing field”, in which all the participants can compete without any undue hindrance or obstacle occasioned by the manner in which the preparations for the election have been undertaken or the way in which the election has been conducted.

Die hof gaan verder en verklaar:<sup>240</sup>

In many countries, where elections are conducted on a constituency basis the only ground for setting aside an election is proof that the exclusion of votes tainted by irregularity would mean that the result of the election could have been different. That was the basis upon which electoral petitions were disposed of under the pre-democratic dispensation, drawing upon precedents in electoral law from England. The Court's sole task was to determine whether the irregularities would have affected the result of the election. In doing so it would examine and rule on disputed votes and then re-count the votes to see whether the outcome would have been any different. *But in South Africa that cannot be the sole determinant of just and equitable relief, where the elections conducted by the IEC were not free and fair and the constitutional right to participate in and contest those elections was infringed.* In any event it is always difficult to predict what would have occurred had those electoral irregularities been absent. [eie beklemtoning]

Dit lyk dus of die hof 'n strenger vereiste stel vir vry en regverdige verkiesings en dat besware oor onreëlmatighede wat die uitslag kan beïnvloed nie beperk kan word tot besware wat die finale uitslag beïnvloed nie. Dit gaan oor die integriteit van die prosedures wat gevolg moet word. Die hof vat dit so saam: "The nature of the irregularities and their impact on the conduct, as well as the result of the election ... must be measured against the constitutional standard."<sup>241</sup>

## 5. Slotsom

Hierdie artikel het gepoog om drie aspekte van die huidige kieswetgewing ten opsigte van regverdige mededinging tussen politieke partye in verkiesings te ondersoek.

Eerstens is die vereistes vir registrasie, herregistrasie en deregistrasie van politieke partye ondersoek. Politieke partye moet as partye registreer om aan verkiesings te mag deelneem. Die huidige definisie van 'n politieke party is problematies omdat dit indruis teen demokratiese beginsels. Dit akkommodeer elemente van 'n blokstelsel wat nie versoenbaar met 'n parlementêre demokrasie is nie en maak inbreuk op regte wat in die handves van regte verskans is. Hierdie definisie het tot dusver die praktyk van die SAKP om hul kandidate met die ANC s'n op een lys te kombineer, gewettig, maar die vraag is of die praktyk grondwetlik is. Daar kan 'n sterk saak uitgemaak word dat dit nie die geval is nie. Sover dit herregistrasie aangaan, bepaal die wetgewing dat onvertegenwoordigde partye jaarliks moet herregistreer, wat die lewensduur van sulke partye *de facto* tot een jaar beperk. Hierdie maatreël staan nie in verhouding tot die statutêre doelwit om nie-aktiewe partye uit te sorteer nie. Die termyn behoort ten minste ietwat langer as een wetgewende termyn te wees. Die aard van die OVK se diskresie en die wyse waarop hy sy diskresie om partye te deregistreer uitoefen, kan ook gekritiseer word, omdat dit nie op 'n onpartydige wyse gedoen word nie.

Die tweede aspek wat ondersoek is, is die grondwetlikheid van die voorgeskrewe verkiesingsdeposito's om aan verkiesings te mag deelneem. 'n Regsvergelykende ontleding toon dat die depositovereiste hoofsaaklik in state met meerderheidskiesstelsels toepassing vind, maar dat dit ook daar omstrede is. State met proporsionele kiesstelsels skryf in die reël

nie verkiesingsdeposito's voor nie. Indien die toelatingsvereistes vir die registrasie van partye strenger sou wees en/of daar 'n verteenwoordigingsdrempel vir partye in die parlement ingevoer sou word, kan daar waarskynlik geheel en al van die depositovereiste afstand gedoen word. Tans word die reg op gelyke behandeling van nuwe of onvertegenwoordigde partye disproportioneel beperk en staan dit nie in verhouding met die doelwit van die wet om partye wat nie oor substansiële kiesersteun beskik nie, te verminder nie.

Dit blyk verder dat die termyn waarbinne besware teen ongerymdhede tydens verkiesings ingedien kan word, nl. twee dae na die verkiesing, te kort is. Dit behoort ten minste so lank te wees as wat stemme nog getel of hertel word en moet ook speelruimte laat vir ongerymdhede wat eers na die verkiesing bekend word.

## Bibliografie

Anon. 2014a. Alleged irregularities mar start of Eastern Cape elections. *Daily Dispatch*. 7 Mei. Beskikbaar by <http://www.dispatchlive.co.za/news/alleged-irregularities-mar-start-of-eastern-cape-elections> (1 Junie 2015 geraadpleeg).

—. 2014b. Gauteng vote irregularities. *City Press*. 10 Mei. <https://africajournalismtheworld.com/tag/gauteng-vote-irregularities> (1 Junie 2015 geraadpleeg).

—. 2014c. Elections 2014: four parties fail to make cut. 26 March. Beskikbaar by <http://www.southafrica.info/about/democracy/elections-260314.htm#.VV7wjK2Jhdg>; bron aangegee as [SAnews.gov.za](http://www.southafrica.info/about/democracy/elections-260314.htm#.VV7wjK2Jhdg) (1 Junie 2015 geraadpleeg).

—. 2014d. 2014 election date announced. *News24*. 7 Februarie. Beskikbaar by <http://www.news24.com/elections/news/2014-election-date-announced-20140207> (1 Junie 2015 geraadpleeg).

—. 2014e. SA limits diplomatic observers during elections. *City Press*. 5 Mei. Beskikbaar by <http://www.news24.com/Archives/City-Press/SA-limits-diplomatic-observers-during-elections-20150430> (1 Junie 2015 geraadpleeg).

—. 2015. ANC, DA lock horns over Zuma's IEC appointment. *City Press*. 24 April. Beskikbaar by <http://www.news24.com/Archives/City-Press/ANC-DA-lock-horns-over-Zumas-IEC-appointment-20150429> (1 Junie 2015 geraadpleeg).

Becht, E. 1990. *Die 5 Prozent-Klausel im Wahlrecht: Garant für ein funktionierendes parlamentarisches Regierungssystem?* Stuttgart: Boorberg.

Bell, D. en C. Hobday. 1990. *Communist and Marxist parties of the world*. 2de uitgawe. Chicago: St. James

Bethge, H. 1985. *Die Grundrechtsberechtigungen juristischer Personen nach Art. 19 Abs. 3 Grundgesetz*. Passau: Passavia Universitätsverlag.

Blaauw, L. 1990. The Rechtsstaat idea compared with the rule of law as a paradigm for protecting rights. *South African Law Journal*, 107(1):76–96.

Blaauw-Wolf, L. 1999. The “balancing of interests” with reference to the principle of proportionality and the doctrine of “Güterabwägung” – A comparative analysis. *South African Public Law*, 14(1):178–214.

Blais, A. en L. Massicotte. 2002. Electoral systems. In De Luc, Niemi en Norris (reds.) 2002.

Böckenförde, E.-W. 2004. Demokratie als Verfassungsprinzip. In Isensee en Kirchhof (reds.) 2004.

Bogdanor, V. 2011. *The coalition and the constitution*. Portland: Hart Publishing.

Botha, H. 2011. Representing the poor: Law, poverty and democracy. *Stellenbosch Law Review*, 22(3):521–41.

Bukow, S. 2013. Die professionalisierte Mitgliederpartei – Politische Parteien zwischen institutionellen Erwartungen und organisationaler Wirklichkeit. Wiesbaden: Springer VS.

Carpenter, G. 1987. *Introduction to South African constitutional law*. Durban: Butterworths.

Cheibub, J. en F. Limongi. 2011. Legislative-executive relations. In Ginsburg en Dixon (reds.) 2011.

Colomer, J.M. (red.). 2004. *Handbook of electoral system choice*. New York: Palgrave Macmillan.

CASE (Community Agency for Social Enquiry). 2014. *Just singing and dancing? Intimidation and the manipulation of voters and the electoral process in the build-up to the 2014 elections*, beskikbaar by <http://www.case.org.za/images/docs/intimidation-in-elections.pdf> (1 Junie 2015 geraadpleeg).

Currie, I. en J. de Waal. 2015. *The bill of rights handbook*. 6de uitgawe. Kaapstad: Juta.

Degenhardt, C. 2007. *Staatsrecht I: Staatsorganisationsrecht*. 23ste uitgawe. Heidelberg: C.F. Müller Verlag.

De Jager, N. 2006. The ANC government, co-optive power and the perpetuation of party-dominance. In Konrad-Adenauer-Stiftung (red.) 2006.

De Luc, L., R.G. Niemi en P. Norris (reds.). 2002. *Comparing democracies*. 2de uitgawe. Londen: Sage.

—. 2014. *Comparing democracies*. 4de uitgawe. Londen: Sage.

De Ville, J.R. 2005. Judicial review of administrative action in South Africa. Durban: LexisNexis Butterworths.

De Vos, P. 2014a. Why the EFF election challenge would not fly. *The Daily Maverick*, 14 Maart. Beskikbaar by <http://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2014-03-14-why-eff-election-challenge-would-not-fly/#.V1lnTo9OLyQ> (1 Junie 2015 geraadpleeg).

—. 2014b. South Africa's elections: How can we level the playing field? *The Daily Maverick*, 23 April. Beskikbaar by <http://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2014-04-23-elections-how-can-we-level-the-playing-field/#.V1lnp49OLyQ> (1 Junie 2015 geraadpleeg).

—. 2015. It's my party (and I'll do what I want to)?: Internal party democracy and section 19 of the South African Constitution. *South African Journal on Human Rights*. 31(1):30–55.

De Vos, P. en W. Freedman. 2015. *South African constitutional law in context*. Kaapstad: Oxford University Press.

Du Plessis, C. 2014. SA limits diplomatic observers during elections. *City Press*, 5 Mei. Beskikbaar by <http://www.news24.com/Archives/City-Press/SA-limits-diplomatic-observers-during-elections-20150430> (1 Junie 2015 geraadpleeg).

Du Preez, M. 2015. Trevor Manuel's SACP critique important. *News24*, 14 Julie. Beskikbaar by <http://www.news24.com/Columnists/MaxduPreez/Trevor-Manuels-SACP-critique-important-20150714> (1 Junie 2015 geraadpleeg).

Elliott, M. en R. Thomas. 2011. *Public Law*. New York: Oxford University Press.

EISA (Electoral Institute for Sustainable Democracy in Africa). 2014a. *South Africa 2014 Election Updates – Update One: Processes Issue*, beskikbaar by <http://www.electionupdate.org.za/pdf/electionupdate1.pdf> (1 Junie 2015 geraadpleeg).

—. 2014b. South Africa 2014 Election Updates – Update Seven, beskikbaar by <http://www.electionupdate.org.za/2014eu7editorial.htm> (1 Junie 2015 geraadpleeg).

—. 2014c. DRC: Electoral System, beskikbaar by <http://www.content.eisa.org.za/old-page/drc-electoral-system> (27 Mei 2015 geraadpleeg).

Evans, S. 2014. EFF marches on IEC centre to demand Gauteng results. *Mail & Guardian*, 9 Mei. Beskikbaar by <http://mg.co.za/article/2014-05-09-eff-marches-on-iec-centre-to-demand-gauteng-results> (1 Junie 2015 geraadpleeg).

Ezrow, L. 2010. *Linking citizens and parties: How electoral systems matter for political representation*. New York: Oxford University Press.

Friedman, S. 1999. No easy stroll to dominance: Party dominance, opposition and civil society in South Africa. In Giliomee en Simkins (reds.) 1999.

Gauja, A. 2010. *Political parties and elections: Legislating for representative democracy*. Farnham: Ashgate Publishing.

- Geldenhuys, H. 2013. Small parties: election too expensive. *IOL News*, 16 November. Besikbaar by <http://www.iol.co.za/news/politics/small-parties-election-too-expensive-1.1608067#.VV7zcq2Jhdg> (1 Junie 2015 geraadpleeg).
- Getelde stemme; verkiesingsuitslae. 2014. Die lys met getelde stemme is beskikbaar by <http://cdn.mg.co.za/content/documents/2014/05/10/handwritten.png> en die verkiesingsuitslae is beskikbaar by <http://cdn.mg.co.za/content/documents/2014/05/10/montana-nat-iec.pdf> (6 Mei 2015 geraadpleeg).
- Giliomee, H. en C. Simkins (reds.). 1999. *The awkward embrace: One-party domination and democracy*. Amsterdam: Harwood Academic Publishers.
- Ginsburg, T. en R. Dixon (reds.). 2011. *Comparative constitutional law*. Cheltenham, Northampton: Edward Elgar.
- Grömping, M. 2012. Many eyes of any kind? Comparing traditional and crowdsourced monitoring and their contribution to democracy. Besikbaar by <https://irevolution.files.wordpress.com/2012/07/groemping-2012.pdf> (1 Junie 2015 geraadpleeg).
- Gqirana, T. 2016. Fewer ANC-aligned union members involved in elections – IEC. *News24*, 16 Februarie. Besikbaar by <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/fewer-anc-aligned-union-members-involved-in-elections-iec-20160216> (16 Februarie 2016 geraadpleeg).
- Habib, A. 2005. Five steps to a better democracy. *Mail & Guardian*, 7 Oktober.
- Holland, W. en L. Dube. 2014. *South Africa: 2014 Election updates: Gauteng*. Electoral Institute for Sustainable Democracy in Africa South Africa Election Updates Issue Six. Besikbaar by <http://www.electionupdate.org.za/2014eu6gau.htm> (8 Mei 2015 geraadpleeg).
- Hunter, Q. 2015. SACP to discuss future in the alliance. *Mail & Guardian*, 7 Julie. Besikbaar by <http://mg.co.za/article/2015-07-07-sacp-to-strengthen-radical-second-phase-of-transition> (7 Julie 2015 geraadpleeg).
- IEC (Independent Electoral Commission). 1999. *Report Electoral Commission of the Republic of South Africa National and Provincial Election*. 2 Junie.
- . 2004. Report on the National and Provincial Elections – 14 April 2004. Besikbaar by <http://www.elections.org.za/content/Elections/Election-reports> (1 Junie 2015 geraadpleeg).
- . 2009. *2009 Elections Report*. Besikbaar by <http://www.elections.org.za/content/Elections/Election-reports> (1 Junie 2015 geraadpleeg).
- . 2014a. *National and Provincial Elections Report 2014*. Besikbaar by <http://www.elections.org.za/content/Elections/Election-reports> (1 Junie 2015 geraadpleeg).



- . 2014b. *Represented Political Parties' Fund: Annual Report 2014*. 7 Augustus. Beskikbaar by <http://www.elections.org.za/content/About-Us/Represented-Political-Parties> (1 Junie 2015 geraadpleeg).
- Ipsen, J. 2008. *Parteiengesetz – Kommentar*. München: Verlag C.H. Beck.
- Isensee J. en P. Kirchhof (reds.). 2004. *Handbuch des Staatsrechts*. Vol. II, 3de uitgawe. Heidelberg: C.F. Müller Verlag.
- James, P. 2003. *The German electoral system*. Hants: Ashgate Publishing.
- Jeffery, A. 2015. State “custodianship” and control over all agricultural land. *BizNews*, 27 Mei. Beskikbaar by <http://www.biznews.com/thought-leaders/2015/05/27/irrs-anthea-jeffery-state-custodianship-and-control-over-all-agricultural-land> (1 Junie 2015 geraadpleeg).
- Katz, R. en W. Crotty (reds.). 2006. *Handbook of party politics*. Londen: Sage.
- Kayser, M.A. 2014. The elusive economic vote. In De Luc, Niemi en Norris (reds.) 2014.
- Kißlinger, A. 1998. *Das Recht auf politische Chancengleichheit*. Baden-Baden: Nomos.
- Konrad-Adenauer-Stiftung. 2006. *Challenges to democracy by one-party dominance: a comparative assessment*. Seminar Report No. 17. Beskikbaar by [http://www.kas.de/wf/doc/kas\\_10560-1522-2-30.pdf?070328103113](http://www.kas.de/wf/doc/kas_10560-1522-2-30.pdf?070328103113). Johannesburg: KAS.
- . 2007. *The impact of floor crossing on party systems and representative democracy*, 11–8. Beskikbaar by [http://www.kas.de/wf/doc/kas\\_11847-1522-2-30.pdf?070914092715](http://www.kas.de/wf/doc/kas_11847-1522-2-30.pdf?070914092715) (1 Junie 2015 geraadpleeg).
- Korte, K.-R. 2009. Wahlen in Deutschland. Zeitbilder. *Bundeszentrale für politische Bildung*. Bonn: Bundeszentrale für politische Bildung.
- Kremer, M. en M. Weber. 1992. *Transforming economic systems: The case of Poland*. Berlin-Heidelberg: Springer-Verlag.
- Kulbach, R., H. Wever en E. Förtsch. 1969. *Parteien im Blocksystem der DDR* (1969). Keulen: Verlag Wissenschaft und Politik.
- Lenski, S.-C. 2011. *Parteiengesetz und Recht der Kandidatenaufstellung*. Baden-Baden: Nomos.
- Letsoalo, M., M. Mataboge, Q. Hunter en T. Gqirana. 2015. SACP: Our Zuma mistake. *Mail & Guardian*, 26 Junie. Beskikbaar by <http://mg.co.za/article/2015-06-25-sacp-our-zuma-mistake> (26 Junie 2015 geraadpleeg).
- Lindberg, S.I. 2004. Women’s empowerment and democratization: The effects of electoral systems, participation, and experience in Africa. *Studies in Comparative International Development*, 39(1):28–53. Beskikbaar by [http://users.clas.ufl.edu/sil/downloads/Lindberg\\_SCID2004.pdf](http://users.clas.ufl.edu/sil/downloads/Lindberg_SCID2004.pdf) (1 Junie 2015 geraadpleeg).

- Manurung, R. 2014. Open election data + mass interaction = Indonesian public as watchdog. *The Conversation*, 21 Julie. Beskikbaar by <http://theconversation.com/open-election-data-mass-interaction-indonesian-public-as-watchdog-29450> (1 Junie 2015 geraadpleeg).
